

Q

- quadrivium:** Middeleeuse hoër afd. v. d. sewe vry (liberale) kunste, nl. Rekenkunde, Meetkunde, Sterrekunde en Musiek; Lat. *quadri-* (*quattuor*, “vier”) + *vium* (*via*, “weg”), m.a.w. “die vier weë; v. ook *trivium*.
- quenseliet:** bep. gesteente, na d. naam v. d. Swe. mineraloog, P. D. Quensel (geb. 1881).
- quenstedtiet:** bep. gesteente, na d. naam v. d. Du. mineraloog, F. A. Quenstedt (1809–1889); Hd. *quenstedtit*.
- quidproquo:** teëprestasie (veral i. d. regstaal); Lat. *quid pro quo*, (lett.) “iets vir iets” (in Afr. misk. onder invl. v. Eng. in geregs=howe gebr.).
- quiëtisme:** 17e-eeuse mistiek-godsdiensige beweging (in R.K. Kerk) wat ’n rustige, willlose sielelewe wat volkome in God opgelos moet word, voorgestaan het; afl. v. Lat. *quies*, “rus” (vgl. Eng. *quiet*).
- Quincke buis:** buis in apparaat v. toetsing v. geluidsgolwe, na die naam v. d. Du. fisikus, G. H. Quincke (1834–1924).
- Quirinaal:** een v. d. 7 heuwels waarop Rome gebou is (Lat. *collis Quirinalis*); pouslike somerverblyf (1574 – ± 1660); koningspaleis (sedert 1890); presidentswoning (tans); It. *quirinale*, hou verb. m. Lat. eien. Quirinus, ’n naam v. Romulus, legendariese stigter v. Rome — ook *Quirinaal* teenoor *Vatikaan* as ondersk. gesags=kern v. Staat en Kerk.
- quisling:** (tydens Tweede Wêreldoorlog, 1939–1945, i.d. kringe, binne d. invloedseer en vlgs. die standpunt v. d. Geallieerdes is d. No. politikus, Vidkun Quisling (1945) as ’n verraaier beskou), veralgemeen tot “verraaier” (en sonder hoofletter geskrywe).
- quodlibet:** (vroëer i. d. godgeleerdheid en d. wysbegeerte) “’n oop akademiese debat”; (later i. d. musiekwêreld) “’n **potpourri**” (q.v.); uit Lat. *quod*, “wat”, + *libet*, “dit behaag” (d.w.s. vry na behae).

R

- raad:** (mv. *rade*) “amptelike liggaam”; (mv. *raadgewinge/raadgewings*) “advies”; (sonder mv.) “insig, wysheid”, doeb. v. **raat** (q.v.); Ndl. *raad*, Hd. *rat*, hou verb. m. ww. vorme soos Ndl. *raden*, Hd. *raten*, Afr. *raai*, Eng. *read* en wsk. ook m. Ndl./Afr. *rede* en m. die tweede lid v. **honderd** (q.v.), asook m. Lat. *ratio*, “(be)rekening; rede” en ww. *rēri*, “dink”.

- raaf:** (hoofs. boekw.), gew. *kraai* (*Corvus corax*, fam. *Corvidae*); Ndl. *raaf/rave(n)*, lg. sedert Mnl. en nog in oostelike dial., maar blb. (soos Ndl. *banane* en *robbe*, vgl. Afr. *vark*, *vul*, *wa*) as mv. opgevat en geleidelik verdring d. vorme sonder *-n*, tot 17e eeu hoofs. in suidelike dial., dog tot \pm 1800 in Ndl. en in noordelike dial. nog vorme m. *-n*; sedert 17e eeu geleidelik oorwig v. *raaf*, Hd. *rabe* (al vroeg sonder *-n*), Eng. *raven*, hou verb. m. Lat. *corvus*, “raaf”, *cornix*, “kraai”, Gr. *korax*, “raaf”, *koronê*, “kraai”, asook m. Ndl. *roek*, Eng. *rook*, almal wsk. kn.
- raai:** ww., “gis; raad gee”; Ndl. *raden/raaien*, lg. uit Brab. in Holl. dial. en daaruit in Ndl., v. **raad**.
- raaigras:** Ndl. *raai-/raygras*, uit Eng. *ray-/rye-grass* (wu. ook Hd. *raigras*) waartoe o.a. **drabok** (q.v.) behoort (*spp. Lolium*, fam. *Gramineae*), hou verb. m. Ndl. *raai* en Eng. *rye*, v. onseker maar mntl. Oos-Eur. herk.
- raak:** ww.; Ndl. *raken* (Mnl. *rāken*, “aantref, bereik; betrekking hê op”), Hd. *reichen*, Eng. *reach*, hoofs. NWGerm.; b.nw. en bw. “treffend”, hou verb. m. ww. *raak* en ontst. uit Mnl. *te rāke*, “na behore”; (1558) *raeck kommen*, “slaag”; v. **reik**, **rek**, **traak**.
- raam I:** s.nw., “omlysting; venster”; Ndl. *raam* (Mnl. *rāme/raem*), Hd. *rahmen* (wu. Fr. *rame*, “raamwerk v. lakenwewers”); herk. onseker.
- raam II:** ww., “bereken, skat”; Ndl. *ramen* (Mnl. *rāmen*, “bedink; mik op; takseer”); herk. onseker, maar blb. geen verb. m. **raam I** nie.
- raap I:** bep. knolgroente (*Brassica rapa*, fam. *Brassicaceae*): Ndl. *raap* (Mnl. *rāpe*), Eng. *rape* (beter bek. as *turnip*) uit Lat. *rāpa* (wu. ook It. *rapa*, Fr. *rave*), Gr. (*h*)*rap(h)us*, “raap” — wsk. veraf verw. is Hd. *rübe*.
- raap II:** ww., “bymeekaarmaak, versamel”; Ndl. *rapen* (Mnl. *rāpen*, “afpers, inpalm, plunder”), Hd. *raffen*, “pak, pluk” — geen verb. m. **raap I** nie.
- raaptol:** bep. eetbare knolgewas (*Cyanella capensis*, fam. *Haemodoraceae*), vlgs. Mar 69, 139 ook bek. as *raapuintjie* (v. ook Scho PD 66, soos reeds by Pet A 390); v. ook **uintjie**.
- raas:** lawaai maak; uitskel; vermaan; Ndl. *razen* (Mnl. *rāsen*, “dol wees, te kere gaan”) hou misk. verb. m. Ndl. *ras* en Eng. *race* in bet. “beweging, draaikolk, stroming”.
- raasbessie:** vrug- en pln. (*Euclea undulata*, fam. *Ebenaceae*, vlgs. Thun by Mar (124) — n.a.v. geluid d. plant of vrug gemaak? of deur insekte (bv. bye) daaromheen ? (v. Pal-Pit 136); v. ook **ghwarriebos**.

raat: (mv. *rate*, bv. *boererate*), “geneesmiddel(s), medikament(e)” (v. d. volksgeneesk.), doeb. v. **raad** (q.v.).

rabarber: (om d. stele gekweekte) tuingewas (*spp. Rheum*); Ndl. *r(h)abarber* (16e eeu), *rebarber* (15e eeu) en *rebarbe* (14e eeu), die uitspr. *roebarb* in Afr. hoef nie onder Eng. invl. te wees nie, want Ndl. en dial. ken o.a. *robarbe(r)/rubarbe(r)*; aan Gr. *(h)rêon/(h)ra* en Lat. *rheum/rha* is ondersk. *barbaron* en *barbarum* n.a.v. uitheemse herk. v. plant (Pers. *rēwend*) gevoeg, en dit het Lat. *rha barbarum* opgelewer, wu. Ll. *reubarbarum*, It. *rabbarbaro*, Fr. *rhubarbe* (ouer *reubarbe*), Eng. *rhubarb*.

rabas: pln., ook bek. as *rooirabas* (*spp. Pelargonium*, fam. *Gera=niaceae*, waartoe ook *wilderabas* (*Monsonia umbellata*) behoort); blb. vroeër in Hott. en nog in Na., maar dan as ontl. wd., want nog in Port. as *rabaça*, “wassereppich” (soos by Schu KS IX 145 en voetnoot 316 *folla rabassa*, “pferdefuss”. “Im Port. von Batavia sage man *folho rabasso*, welches in Europa für den was=sereppich gelte”), so deur Frank TB 135–6 aanvaar; vgl. ook Scho PD 94 en voetnoot. Pet A verstaan blb. onder *roode rabassam* dies. pln.; *P. grossularioides* en *P. reniforme* heet ook *teebos*.

rabat: afslag, korting, mindering; Ndl. *rabat* (Mnl. *rabat*, “korting”, ook “sponning”), Hd. *rabatt* (wsk. uit Ndl.), Eng. *rebate*, “afslag”, en *rabbet* in bet. “sponning”, wsk. via Ofr. *rabat* uit It. *rabbatto* (verb. met ww. *rabattere*, “afslaan; omslaan”).

rabbedoe v. **robbedoe**.

rabbi: titel v. Joodse geestelike leraar; Ndl., Hd., Eng., Fr. *rabbi* via Lat. *rabbi*, Gr. *(h)rabbi* uit Hebr. *rabbi*, “my heer/mecster”; dies. as Afr. *rabbyn*, Ndl. *rabbijn*, Eng. en Fr. *rabbijn*, Hd. *rabbine(r)* wat via Ll. *rabbinus* (m. Lat. uitg.) oorgeneem is, terwyl Afr. **rabbo(e)ni**, Eng. *rabboni* op d. Aram. vorm *rabbāni* berus.

rabekin v. **ramkie**.

+ **rabier:** (dial. by vWiel 241 v.) “deurmekaar, omgekrap”, hou dit misk. verb. m. Port. *rabiar/raivar*, “woedend word”, en m. **rabies** (q.v.)?

rabies: hondsdoelheid; Ndl. en Eng. *rabies* uit Lat. *rabies*, “malheid, woestheid” (ww. *rabere*, “te kere gaan”), hou verb. m. Eng. *rabid*, “dol, rasend”, m. *rage*, “woede”, en m. *rave*, “te kere gaan”; v. ook **rabier**.

rabol: — (ouer en wsk. m. geringer frekw.) *raag-/ragebol*, “(spinn= rak)besem; deurmekaar hare”; Ndl. (sedert 17e eeu) *raag-/ragebol* — *ra(a)g* kom in volkset. vorm *rak* voor in (*spinne*)*rak* en *bol* in *bolla* (q.v.).

rabouquin v. ramkie.

rad: (mv. *radere*, meest. fig.), doeb. v. **rat** (q.v.); Ndl. *rad*, mv. *raden/raderen/raders*, dial. *rader*, v. kaart by Kloe HGA 150 (Mnl. *rat*, ong. soos in Afr. ondersk. teenoor *wiel*, v. Kloe HGA 152), Hd. *rad* (mv. *räder*), hou verb. m. Lat. *rota*, “rad; wiel”, en met wd. daarvan afg., bv. *rotasie*, *roteer*, ens.

radar: neol. intern. wd., eint. lettn. kunsmatig saamgeflans uit Eng. *radio detecting and ranging*.

radbraak: (vroeeër) iemand op 'n foltertuig martel; (tans) skend, verknoei (bv. taal); Ndl. *radbraken* (Mnl. *rādebrāken*, waarin *rade* instr. v. *rad* is, by Kil *radbraecken*), Hd. *radebrechen*, eint. “iemand se liggaam met/op 'n rad breek”.

radio: betr. jong wd., eint. intern. verk. v. *radiotelegrafie* (wat draadloos, televisie en radar insluit), hou verb. m. Lat. *radius*, “straal”, verderop m. Lat. *radix* en *ramus*, “wortel”.

radium: ben. v. d. “clement” *radium* (Simbool Ra); intern. wd., hou verb. m. Lat. *radius*, “straal”.

radius v. radio.

radja v. maharadja.

radys: knolgroente (*Raphanus sativus*); Ndl. (1514) *radijs*, soos Eng. *radish*, via Fr. *radis* uit Lat. *rādīce/rādīx*, “wortel”.

rafel: s.nw., “draad wat v. weefsel los geraak het”; ww., “los raak v. weefsel”; Ndl. *rafel* (s.nw.) en *rafelen* (ww.), albei 17e eeu en as Ing. (kustaalw.) beskou, Eng. (s.nw. en ww.) *ravel*, vgl. ook Eng. *unravel*, “ontwar”.

ragitis: bep. siekte i. d. liggaamsbeendere; Ndl. (1778) *rachitis*, soos Eng. *rachitis* (“volks” *ricketts*), uit Lat. *rachitis*, hou verb. m. Gr. (*h*)*raxīs*, “ruggraat”.

rak I: stellasie vir boeke, klere, ens.; Ndl. *rak* (Mnl. *rac*), soms ondersk. v. *rek*, soms nie, Eng. *rack* word, soos **rafel** (q.v.), as 'n Ing. wd. beskou.

rak II v. rabol en spinnerak.

raket: kaatstuig/netspaan (by tennis en dgl. spele); Ndl. (16e eeu) uit Fr. *raquette*, “bal v. hand of voet”, maar reeds It. *racchetta*, “balnet”, end 19e eeu herontln. aan Eng. *racket*; in Afr. wsk. uit Eng., maar gaandeweg m. Ndl./Afr. uitspr. m. klem op slot=letg.; die wd. gaan terug op Arab. *rāhah*, “handpalm”.

rakker: kwajong; skelm; Ndl. *rakker* (by Kil *racker*, “deugniet; beulskneg”), mntl. uit Hd. *racker*, “vuilopruimer”; (sedert 1524) “beul”, hou verb. m. Nnl. *rakken*, “vuil opruim”.

ram: ml. bok/skaap, ens.; Ndl. *ram* (Mnl. *ram*), Hd. *ramm*, Eng. *ram*; herk. onseker (v. dVri J NEW).

+ **ramakie(njo)** v. **ramkie**.

ramboelie: Fr. merinoskaap (by vWiel 177); Eng. *rambouillet* uit Fr. *rambouillet* na geogr. naam Rambouillet in Frankryk.

ramenas: — *ramnas* —, swartradys (*Raphanus sativus*, v. **radys**), ook *wilderam(e)nas* (*Gunnera perperna*, fam. *Halorrhaginaceae*), verskil v. *spp. Raphanus*, van *Sinapis arvensis* en van *Aloe longistyla*; Ndl. *ram(m)enas/ram(m)elas* (tot begin 18e eeu alleen vorme m. *l*, nog in bep. dial. behou, daarna opkoms v. vorme met *n*), wsk. direk uit It. *ramolaccio* uit Lat. *armoracia*, Gr. *armorakia*, waarvan eerste lid verb. hou m. Lat. *mare*, “see”, en die tweede m. Lat. *radix*, “wortel”, in Ndl. ook nog bek. as *mierikwortel*; by vRieb *rammelas(sen)* of *spaense radijsen*.

ramkie: inboorlinge se musiekinstrumentjie m. boog en snaar, by ou skrywers o.a. ww. *rabouquin/rabekin/ramakie/ramkee/ramky/ramakienjo/ravekinge/rokkie* (v. Smi *Brandw.* 1.12.1913; Bosh VT 364, Frank TB 106 et passim; Scho TWK 14, 1, p. 29 en Nien HOTT s.v. **ramkie**); Port. *rabequinha* (uit *rabeca*, “viool”, + *pequeno*, “klein”, dus eint. “klein viooltjie”, soos tereg d. Smi t.a.p. afg.); in Na. as ontl. *ramgi-b*.

rammel: geluid maak (gew. v. d. maag gesê); (in ss. met *af-*), haastig en slordig aflees of opsê; Ndl. *rammelen* (Mnl. *rammelen*) hou verb. m. Ndl. *rommelen*, Eng. *rumble*, wsk. kn.

rammelkas v. **tjor(rie)**.

ramnas v. **ramenas**.

ramp: ongeluk, ongeval, onheil; Ndl. *ramp* (Mnl. *ramp(e)*, o.a. “nederlaag; vallende siekte”), ouer bet. blb. “kramp”.

rampatsjanie: — *rampetsjanie* —, (dial. v.) ruwe velskoen v. inboorlinge (gew. net ’n sool v. rou leer of van ’n motorbuiteband); NSo. *m-mamphašane*.

+ **rampatjie:** (dial. v.) gemeng, halfslag; Frank (TB 139) stel dit blb. sem. gelyk m. **gekempera** (q.v.) en lei dit af v. Mal. *rampai*, “deurengemeng”.

rampokker: bendelid, boef, rower; Ndl. (1935) *rampokker*, met suf. *-er* by persn. uit ww. *rampokken* (18e eeu) uit Jav.-Mal. ww. *rampog*, “iemand/iets met lanse aanval” (WNT XII 253 en vWel VAH 203, 336).

ramsammie: (dial. v.) Indiër, koelie, Ind. smous; Ind.-Eng. *rama=sammy*, uit *rāmaswāmi*, eint. “Lord Rama”, vgl. Eng. Tommy Atkins, Jim Fish, ens.

rand: mv. *rande*, 1. “grens, kant”; 2. “muntwaarde v. d. Republiek?” (= 100 sent) na d. Witwatersrand waar goud sedert laaste kwart v. d. vorige eeu gedelf is; 3. mv. *rande/rante*, lg. as ww. en deels doeb. v. *rand*, nl. *rant*, in bet. “bergagtige heuwel”; Ndl. *rand* (Mnl. *rant*, “band om ’n wiel”; “beslag v. ’n skild”; “omtrek”), Hd. en Eng. *rand*, (vroeeër ook) “skild” — herk. onseker (v. dVri J NEW).

rang: plek (in reeks), posisie, stand; Ndl. (2e helfte 16e eeu, maar nie by Kil nie) *rang/rank* uit Fr. *rang*, Hd. *rang*, Eng. *range* en *rank*, hou wsk. verb. m. *ring* in bet. “kring v. manne”.

rank I: spruit(sel), stingel, takkie; Ndl. *rank* (Mnl. *rank/ranke*), Hd. *ranke*, uit Ll. *hranca*, in bet. “*vitis alba*” (d.w.s. “wit wingerd=stok”), wsk. deur die wynbou uit Italië en Frankryk; uit *rank* d. denom. ww. Ndl. en Hd. *ranken*, Afr. *rank*.

rank II: dun, fyn, skraal; Ndl. *rank* (Mnl. *ranc*, “dun, slank”) hou wsk. verb. m. Oeng. *ranc*, “hoogmoedig”, en m. *rinc*, “man, held” — iets daarvan behou in veroud. Eng. *rank*, “trots; snel”.

ranonkel: blom- en pln. (*spp. Ranunculus*, fam. *Ranunculaceae*); Nnl. *ranonkel* (na Kil) uit Lat. *ranunculus* (verb. m. *rana*, “padda”, eint. dim. “paddatjie”) wu. Eng. *ranunculus*; d. plant groei graag by water en paddas skuil daaronder.

ransel I: rugsak; Ndl. *ransel* (by Kil *rentser*), hou verb. m. Hd. *ranz*, (sedert 1510) *rantz*, (later) *ränzel*, wsk. deur soldt. na Ndl.

ransel II: pak slae toedien, slaan; Ndl. *ranselen* (na Kil), hou wsk. verb. m. Lmhd. *rantzen*, “wild rondspring”.

rant v. rand.

rantsoen: — (“volks”) *resoen* — , min of meer vaste hoeveelheid kos en drank per dag; porsie; Ndl. *rantsoen/ransoen* (Mnl. *ran(t)soen/rentsoen* e.a. ww.); by vRieb dikw. *ransoen*, selde *rantsoen*.

rapallie: gepeupel; Ndl. *rapalje* (Mnl. *rappailge/raspalge*, by Kil *raepaelie*, dial. ww.) uit Ofr. *raspailge* (Fr. *racaille*, (ouer) *rascaille*), hou verb. m. Eng. *rascal*.

+ **rapat**: gou, snel, vinnig; Ndl. *rap* (*rap* by Kil wat dit o.a. vert. as *rapidus*, waarmee dit wsk., soos Eng. *rapid*, verb. hou; by vRieb *rappe persoonen*); die *-at* dui vanweë klank en klem eerder op ou dial. vorm as op Eng. invl. van *rapid*, of het dial. Ndl. *rapaard*, “gauwerd”, misk. ’n rol gespeel? Ouer bet. “bandeloos, onstui- mig, ru, wild”.

rapier: bep. soort degen; Ndl. (eerste helfte 16e eeu) *rapier*, Hd. (1529) *rap(p)ier*, Eng. (1553) *rapier*, uit Fr. *rapière*, eint. geabstr. uit verbg. s.nw. + b.nw.: *épée rapière*, (lett.) “degen rasperagtig”, want *rapière* hou blb. verb. m. Fr. *râpe*, “rasper”, n.a.v. die bande om die greep.

+ **rappatjoepa**: (dial. v.) gepeupel (soos reeds by Mans KHI); Frank (TB 139) dink aan “’n mengvorm uit *rampa* en *tjampoer*” — bedoel hy misk. Mal. *rampai* (v. **rampatjie**)? Mal. *tjampoer* is ’n sinon. v. *rampai*, maar ’n kontamv. v. d. twee kan nouliks *rappatjoepa* oplewer; afl. nie oortuigend nie.

+ **rappelkops**: (dial. v.) duiselig; Hd. *rappelköpfish*, afl. v. *rappel-kopf*, “warkop”, wat beantw. aan Pd. *rappel-kop* en *rappel-kopsk* en verb. hou m. Pd. *rappeln/rabbeln*, “verward wees”, en *rappelig/raplig/rappelg*, “verward”, asook m. Hd. *rappeln*, “lawaaï maak” — ook ONdl. *rappelen*, “geraas maak”.

raps: s.nw., “hou”; ww., “slaan”, dim. *rapsie*, (o.a.) “bietjie, oom-blikkie, tydjie”; blb. geen verb. m. Ndl. *raps(ch)*, “flink”, nie, mntl. wel m. Pd. *raps*, “vinnige ruk”, en *rapsen*, “vinnig aangryp”, vgl. ook Eng. *rap* in bet. “blow or stroke” (vgl. ook *-s* by o.a. *glips*, *keps*, *mams*, *paps*, ens.); by *raps* misk. kn.

rapuis v. harpuis.

ras I: mense-, diere- of plantegroep wat deur erflike eienskappe ge- kenmerk word; Ndl. *ras* (na Kil), Hd. *rasse*, Eng. *race* uit Fr. (16e eeu) *race* uit It. *razza* (vgl. Sp. *raza*); herk. onseker.

ras II: b.nw./bw., gou, snel, vinnig; Ndl. *ras(ch)* (Mnl. *ras(ch)*, by Kil *rasch*, “snel”), Hd. *rasch*, “handig, vinnig”, Eng. *rash*, “roekeloos”; herk. onseker.

rasemaling: pln. (*Altingia excelsa*, fam. *Hamamelidaceae*); via Ndl. uit Mal. *rasamala/raksamala*, “geur” (uit Skt. *su*, “wel”, *rasa*, “riekend”, *mala*, “(blomme)krans” (vWel VAH 203, 337).

rasper: 1. gereedskapstuk v. timmerman en hoefsmid (om hout, perdehoeve, ens., te bewerk); 2. kombuisgereedskapstuk (om vrugte, groente, ens., te bewerk), m. suf. *-(e)r* gevorm uit Ndl. *rasp/raspe* (16e eeu) uit Ofr. *raspe* (Fr. *râpe*), soos Hd. *raspe* en Eng. *rasp*, blb. hoërop v. Germ. herk. en verb. m. Ohd. *raspon*, “(af)skraap”, vgl. ook Ohd. *hrespan*, “pluk”.

rat: (mv. *ratte*, gew. lett.), doeb. v. **rad** (q.v.).

ratel: bep. heuningetende diertjie (*Mellivora capensis*, fam. *Mustelidae*); teen Kol P (I 188) en Scho (PD 36) se voorgestelde verb. m. kn. naam v. d. raaswerktuig *ratel* bestaan beswaar dat d. diertjie nie om sy geraas bek. is nie, maar om sy sprw. taaiheid en voorliefde vir heuning (soos ook sy wetensk. naam te kenne gee) en derhalwe moet beslis rekening gehou word m. dial. Ndl. *ratel* naas *raat*, “heuningraat”, en verk. uit *ratelmuis* (ook by Kol P), waarvan *raat* (Mnl. *rāte/rēte/rōte*, dial. *rāote/reute*), soos Hd. *ross*, verb. hou m. Ll. *frāta*, “heuningraat”.

ratelslang: bep. soort geskubde slang (*Crotalus horridus*, fam. *Viperidae*), soos Eng. *rattlesnake*, kn. n.a.v. geraas v. sy skubbe.

rateltaai v. stapelgek.

+ **ratjietoe:** (dial. v.) hutspot; Ndl. (veral NNdl.) vorm v. *ratatoelje* (SNdl. *ratatoel/ratatul*) uit Fr. *ratatouille*, wat verb. hou m. Fr. ww. *touiller*, “roer”, en m. Lat. *tudiculare* en *tundere*, “slaan”.

rats: beweeglik, gou, snel, vinnig; SNdl. (mntl. ook ONdl.) vorm v. wat in Ndl. *rad* (Mnl., veral Holl., *rat*, by Kil *rade/radde* as Fri., by vRieb *te rad* en *te radder*) genoem word, in Afr. b.nw./bw. maar gew. m. byw. -s; hou verb. m. Hd. *gerade*, “regstreeks; dadelik”.

+ **raveking(e) v. ramkie.**

ravot: baljaar, wild speel (veral v. kinders gesê); Ndl. *ravotten* (by Kil *ravotten*, “lawaai maak”, naas *rave(e)len*, “in druk beweging wees; mal wees”) uit Ofr. *rabot*, “twis”, of uit Ofr. (*soi*) *reveler*, “jou versit, opstandig wees”, uit Lat. *rebellare*, “in opstand kom, rebelleer”.

ravyn: diep, steil bergdal; Ndl. *ravijn*, Eng. *ravine* (albei in dié bet. eers 19e eeu) via Fr. *ravin(e)* uit Lat. *rapīna*, “roof; wat weggesleur/weggespoel is”, vgl. Eng. *rapine*.

rayon: bep. tekstielstof, kunssy; sedert 1924 intern. wd. (vgl. *dacron*, *nylon*, *orlon*), hou verb. m. Eng. *ray*, “straal”, n.a.v. straalvorm by vervaardiging.

rebel: opstandeling; Ndl. *rebel* (Mnl. *rebel*), soos Hd. *rebell*, Eng. *rebel*, via Ofr. *rebelle* uit Lat. *rebellis*, “opstandig”, eint. adj.

reboonboom v. ammieboom.

rebus: soort nie-alfabetiese skrif m. behulp v. tekeninkies i.p.v. letters; Ndl. (19e eeu) *rebus*, Eng. (17e eeu) *rebus* uit Lat. *rebus*,

(lett.) “deur dinge”, uit verbg. *non verbis sed rebus*, “nie deur woorde nie maar deur dinge” — Pik. studente sou na bewering gebeurtenisse bek. gestel het *de rebus quae geruntur*, “oor dinge wat verrig is”, en dit het blb. gelei tot ’n vorm v. aankondiging *Rebus de Picardie* — *rebus* dan eint. ablf. mv. v. *res*, “ding” (vgl. *bus* II en *omnibus*); ook toeg. op so ’n vorm v. skrif uit d. oertyd.

red: uit gevaar help; Ndl. *redden* (Mnl. blb. nog dial., soos ook by Kil), Hd. *retten*, Eng. *rid*; herk. hoërop onseker.

rede: denkvermoë; gesonde verstand; oordeel; oorsaak; toespraak; Ndl. *rede/reden* (Mnl. *rēde/rēden(e)*, by Kil *rede*, “redenering; redevoering”, en *redene*, “oorsaak; redevoering”), Hd. *rede*, Eng. *reason* via Ofr. *re(i)sum* (Fr. *raison*) uit Lat. *ratio* (gen. *rationis*) en verderop verb. m. Lat. *rēri*, “dink”; v. ook **ree**.

redekawel: argumenteer; gesels; redeneer; twis; Ndl. (1585) *redeka=velen*, uit **rede** (q.v.) en *kavelen* (Mnl. *cāvelen*, “loot, by loting toewys; oordeel”); ouer bet. “stafie/stokkie om mee te loot”.

ree: — *rede* (o.a. nog in *reder*, *redery*) — , ankerplek; Ndl. *rede/ree* (Mnl. *rēde*), Hd. *rhede/reede* — Eng. *road*, “aanlêplek v. skepe”, hou verb. m. Fr. *rade* en It. *rada* — Ndl./Afr. *rede/ree* hou verder verb. m. *gereed*, hier eint. in bet. “seilvaardig”.

reebok v. ribbok.

reeks: serie; volgorde; groot aantal; Ndl. *reeks* (Mnl. *reecx*), ouer bet. blb. “ketting”.

reël: skryflyn; bepaling; gewoonte; voorskrif (of formulering daarvan); Ndl. *regel* (Mnl. *reghele/regle*), Hd. *regel*, Eng. *rule* (via Ofr., *r(i)ule* uit Lat. *regula*, “reguit stok”, om o.a. mee te meet); hieruit ook ww. “afspreek, bepaal; rangskik; vasstel”.

reëling: afspraak, bepaling, ordening; rangskikking; Ndl. *regeling*, afl. v. **reël** (q.v.), v. ook **reiling/reiling**.

reën: — *reent* (wsk. uit onpers. ww.) — , s.nw. en ww., “water=druppels uit d. lug”, en “val v. waterdruppels uit d. lug”; Ndl. ondersk. *regen* (Mnl. *reghen/rein/reen*) en *regenen* (Mnl. *rēgenen*), Hd. *regen* en *regnen*, Eng. *rain*, hou verb. m. Lat. *rigāre*, “be=vogtig, bewater”.

reënboogvoël: voëls. (*spp. Ramphastos*, fam. *Ramphastidae*), in Eng. bek. as *toucan*, by vWiel 111, 228, *reënboogvoël* genoem n.a.v. sy pragtige kleure; nie Ndl. nie.

reënmaker: Bantoe wat as toordokter veronderstel is om reën te kan besorg.

reënpadda: padda wat tydens of na reën verskyn, meer bep. *Breviceps gibbosus*, fam. *Engistomatidae* (v. Pet A 397); v. ook Scho PD 82; blb. nie Ndl. nie.

reent v. **reën**.

reëntyd: reënseisoen, reeds by vRieb (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 21, met verwysing na *droëntyd* in TWK/NR 7, 1, p. 36).

reëuvoël: blb. minstens twee voëls. so genoem: 1. *spp. Centropus*, fam. *Cuculidae*; 2. *Bucorax cafer*, fam. *Bucerotidae*, lg. d. Bantoe gebr. om reën te verkry (Pet A 391); Ndl. *regenvogel* nie nader geïd. nie.

reënwurm: versk. soorte erdwurms wat na reën verskyn, blb. veral *Julus terrestris* en *J. pluvialis*, fam. *Julidae*; lg. d. Bur gedok. (v. Pet A 397-8); Ndl. *regenvorm/-wurm* (*Lumbricus terrestris*).

reep: lang, dunnerige strook/stuk; Ndl. *reep* (Mnl. *reep*, "streek; strook, tou"), Hd. *reep* en *reijfen*, Eng. *rope*.

reet: flenter, lappie, strokie; Ndl. *reet* (Lmnl. *rēte*, "spleet") hou verb. m. Ndl. *rijten* (Mnl. *riiten*, "skeur"), m. Hd. *reissen*, "skeur", en m. Eng. *write*, "skrywe" (outyds "skeurtjies in boombas sny").

refrein: herh. v. versreëls; koor v. lied of vers; Ndl. (15e eeu) *re= frein* (by Kil *ref(e)reyn*) uit Fr. *refrain* (hou verb. m. Fr. ww. *refraindre*, "breek", uit Lat. *refringere*, "verbreek", d.w.s. woorde v. lied of sang deur herh. onderbreek).

reg: b.nw./bw., juis, korrek; gereed; reguit; Ndl. *recht* (Mnl. *recht*), Hd. *recht*. Eng. *right*, uit Lat. *rectus*, "regop, reguit; behoorlik; wettig"; hieruit ook s.nw. *reg*, "justisie, regspleging; alg. wet"; Ndl. *recht* (Mnl. *recht*), en ww. *reg*, "regspleging doen"; Ndl. *rechten* en *richten* (Mnl. *rechten/richten*, "rigting gee; reg doen").

regatta: roei- of seilwestryd; Ndl. (18e eeu) *regatta*. Eng. (17e eeu) *regatta*, mntl. via Fr. *régate* maar wsk. uit It. *regat(t)a*, "Vene-siaanse gondelwedstryd".

regeer: beheer, bestuur; d. bewind voer; Ndl. *rege(e)ren* (Mnl. *regeren/regieren*), mntl. via Ofr. *reger/regir* (Fr. *régir*) uit Lat. *regere*, "reg doen; beheer, bestuur".

regent: gew. tydelike bewindhebber v. minderjarige; Ndl. *regent* (so Mnl.), eint. verboë vorm v. teenw. dw. v. Lat. *regere* (v. *regeer*).

regiment: militêre eenheid; Ndl. *regiment* (Mnl. *regiment*, “bestuur”), soos Hd. en Eng. *regiment* uit Ofr. *regiment* uit Ll. *regimentum* — huidige toep. blb. sedert 16e eeu; hou ook verb. m. **regeer**.

register: inhoudsopgawe; inskrywingsboek; naamlys; Ndl. *register* (Mnl. *register*), soos Hd. en Eng. *register*, uit Ll. *registrum* (ouer *regestum*, wat verb. hou m. Lat. *regere*, v. **regeer**).

regmatig: billik, regverdig; Ndl. *rechtmatig* (by Kil *rechtmaetigh*, “(ge)matig”) uit Hd. *rechtmässig*.

reg-reg v. **rêrig**.

regter I: iemand aan wie d. vertolking en toepassing v. d. reg opgedra is; in Bybelt. ook *rigter*; Ndl. *rechter/richter* (Mnl. *rechter(e)/richter(e)*, ook i. dial.), Hd. *richter*, v. verder **reg**, waarvan *regter* afg.

regter II: teenoorgestelde v. *linker*; Ndl. *rechter* (Mnl. *rechter*) is eint. verboë vorm v. Ndl./Mnl. *recht*, v. **reg**.

rei: soort dans/danslied; Ndl. *rei* (Mnl. *rei*, ww. *royen*, by Kil *reya/ruye*), Hd. *reigen/reihen*, (ouer) Eng. *ray* gaan terug op Fr. *raie/roie* en hou misk. verb. m. ’n veronderstelde Lat. *riga*, “streek; voor”.

reier: bep. voëls. (*spp. Ardea*, fam. *Ardeidae*, v. Scho PD 11); Ndl. *reiger* (Mnl. *reigher/rēgher* naas *(h)eigher/(h)ēgher*), Hd. *reiher*, Eng. *heron*; v. ook **agretjie** en **agret**; by vRieb *reygerseyeren*.

reik: aangee; grens aan; strek tot; Ndl. *reiken* (Mnl. *reiken/rēken*), Hd. *reichen*, Eng. *reach*; v. **raak**, **rek**, **traak**.

reiling v. **reling**.

rein: skoon, suiwer; (fig.) onskuldig; Ndl. *rein* (Mnl. *reine/rēne*), Hd. *rein*, hou verb. m. Lat. *cernere*, “beslis; skei”, en Gr. *krinein*, “beslis; sif, skei”, alg. ouer bet. “sif, skei”; verder verb. m. *krisis*, *kritiek*, *kritikus*, *kritiseer*.

reis: beweging v. een plek na ’n ander; Ndl. *reis* (Mnl. *reise/rēse*), Hd. *reise*, alg. ouer bet. “tog, vertrek; keer” (vgl. **(e)ris**), hou verb. m. Ndl. *rijzen*, Afr. *rys*; naas *reis* d. denom. ww. Ndl. *reizen* (Mnl. *reisen/rēsen*), Hd. *reisen*, Afr. *reis* — Ndl./Afr. *ei* i.p.v. *ē* wsk. onder invl. v. Hd.

reisies: — *resies* —, wedloop, wedren; Eng. *races*, hou verb. m. On. *ras*, “stormloop”.

reiskaaf: skaaf v. afwerking v. sg. “voorloper” se werk; Ndl. *ree(d)-/rei-/rijschaaf* (by vRieb *reetschaeff*); 1e lid hou verb. m. Ndl. *bereid, gereed(skap), reeds*, m. Hd. *bereit(s)* en m. Eng. *ready*.

rek: elastiek; mikstok m. elastiek en velletjie om voëls te skiet; strekvermoë; WNT *rek* I hou blb. verb. m. *rak*, maar *rek* II (WNT XII 1828, 5) wat m. ww. *rekken* verb. hou, sluit by Afr. gebr. aan; Ndl. *rekken* (Mnl. *rekenen*, “span, uitstrek”), Hd. *rekenen* en Oeng. *reccan*, “uitstrek”, is verw., misk. ook m. Ndl. *reiken* (Mnl. *reiken/reken*), Hd. *reichen*, Oeng. *raecan*, Eng. *reach*, dan ook Afr. ww. *rek* en *reik*, (*t*)*raak*.

reken: dink; met syfers werk; skat; vertrou op; Ndl. *rekenen* (Mnl. *rekenen*, “bereken, beskou”), Hd. *rechnen*, Eng. *reckon* — verb. m. Lat. *ratio*, “rede”, en m. *rēri*, “dink”, word betwyfel.

reklame: advertensie; Ndl. *reclame/reklame*, in bet. “advertensie” eers 2e helfte 19e eeu, uit Fr. *réclame* (WNT XII s.v. *reclame* II 2) en verder).

rekonie: betaling d. individu ter erkenning v. staatsreg (in Eng. as *quitrent* bek.), “volkse” vorm v. *rekognisie*; Ndl. *recognitie*, soos Eng. *recognition*, uit Lat. *recognitio*, “erkenning”, as regsterm reeds sedert d. 16e eeu in Ndl. bek.

rekord: aantekening, boekstawing; sportprestasie; Ndl. *record/rekord*, Eng. *record* (in versk. bet. 15e en 17e eeu) uit Ofr. *recorder*, “aanteken”.

rekrut: aangewerfde pers. (veral soldaat); Ndl. *recruut/rekruut*, sedert 1638 in dié bet., soos Eng. (17e eeu) *recruit* uit veroud. Fr. (16e eeu) *recrute*, eint. verl. dw. v. ww. *recroître*, “weer eens vermeerder”.

rektor: iemand wat as hoof ’n bep. akademiese en/of geestelike pos aan ’n inrigting beklee; akademies-administratiewe hoof van ’n universiteit; Ndl. *rector/rektoer* (Mnl. *rectoor*), soos Eng. *rector* (15e, 16e en 17e eeu in versk. bet.) hou verb. m. Lat. *regere*, “regeer”.

relaas: verhaal; Ndl. (blb. al 16e eeu) *relaas*, (sedert 16e eeu) *relatie/relacie*, soos Eng. *relation* (uit dies. tyd as Ndl.), òf uit Fr. *relation* òf uit Lat. *relatio*, “voorstel; verslag”; vgl. t.o.v. vorm Ndl. *speculaas/spekulaas* en Afr. *spesmaas*.

relê: tegn. term, o.a. in verb. m. elektromagnetiese meganisme; Ndl. en Eng. *relais* uit Fr. *relais*, “wat agtergelaat word”.

reliëf: — *relief* — , vooruitstaande deel v. 'n vlak agtergrond, ver-hewenheid; Ndl. (17e eeu) *reliëf* via Fr. *relief* uit It. *relievo* (afl. v. ww. *rilevare* uit Lat. *relevāre*, “verhef”).

reliëk: 'n tasbare herinnering aan 'n ontslape pers.; Nnl. *reliëk* uit Fr. *relique* uit Lat *reliquia*, “oorblyfsel, oorskot”, hou verb. m. ww. *relinquere*, “nalaat”, vgl. Eng. *relinquish*.

relik: taalk. term v. 'n taalverskynsel wat in 'n taal of dial. uit 'n ouer taallaag behou gebly het; Nnl. *relict/relikt* uit Lat. *relictum* wat, soos *reliquus*, verb. hou m. ww. *relinquere* (v. **reliëk**).

relikwie: oorblyfsel v. Christus of v. die een of ander heilige, loop in gebr. soms deureen m. **reliëk** (q.v.); Ndl. *reliquie/relikwie* (Mnl. *reliquie/riliquie*), Hd. *reliquie*, Eng. *relic*, via Fr. *relique* uit Ll. *reliquiae* (*plurale tantum*).

reling: — *reiling* — , beskutting aan boord v. 'n skip; latwerk om wa; hoewel dit, soos **reëling** (q.v.), beantw. aan Ndl. *regeling*, hou dit verb. m. 'n ander bet. en is dit feitl. 'n ander wd. wat in Ndl. ook as *reling* gerealiseer is (v. dVri J NEW s.v. *regeling* en *reling*); vgl. Eng. **railing**.

rem: s.nw. en ww., toestel om beweging te vertraag; terughou, ver-traag; Ndl. s.nw. en ww., ondersk. *rem* en *remmen* (eers end 18e eeu, maar in oostelike dial. al 15e eeu, misk. uit Ned. *remmen*), verw. hoërop onseker.

remketting v. remskoen.

+ **remoreer:** bly, verblyf hou, vertoef; Ndl. (17e eeu, maar nou ver-oud.) *remore(e)ren*, wsk. via 'n Rom. taal (vgl. Port. *rémora*, “oponthoud”) uit Lat. *remorari*, “agterbly, verblyf hou”; by vRieb *remoreren*.

remskoen: remapparaat; (later) uiters konserwatiewe pers.; Ndl. (eerste kwart 19e eeu) *remschoen* in lett. bet., dan wsk. ook in Afr. bek., want Trig noem reeds *remketting* (in vorm *rimkettang* by 1Ro T DLT 258); fig. bet. in Ndl. end 19e eeu, maar geen gege-wens oor ouderdom v. gebr. in Afr. nie.

remskoenparty: konserwatiewe party; Ndl. (1914) *remschoenpartij*, blb. uit Afr. Dit is mntl. dat *remketting* en *remskoen*(*party*) in Afr. net so oud of selfs ouer as in Ndl. is.

renbaan: reisesbaan; Ndl. *renbaan* (Mnl. *ren(ne)bane*), Hd. *renn=bahn*; 1e lid Ndl. ww. *rennen* (Mnl. *rennen*), Hd. *rennen/rinnen*, Eng. *run* — in Mnl. *rennen/rinnen/ronnen/runnen* (gew., kous. en ntrv. het deurengeloop).

rendier: soort hert (*spp. Cervus*, fam. *Cervidae*); Ndl. *rendier* (na Kil), soos Hd. *rentier* en Eng. *reindeer* uit 'n Skand. taal (vgl. On. *hreindyri*) — 1e lid hou verb. m. *rund* (soos in *runderpes*) en m. bet. “horing”; vgl. **takbok**.

renons: afkeer, teësin; Ndl. *renonce* en *renonce(e)ren*, blb. veral by kaartspel in bet. v. Eng. *revoke*, “nie kleur beken nie”, uit Fr. waar *renonce(ment)* en *renoncer* ook by kaartspel maar ook ruimer (as in Ndl.) in bet. “afstanddoen(ing); selfverloën(ing)”, soos in Eng. *renunciation*, gebr. word — hou verb. m. Lat. *renuntiare* (*re-*), “terug”, *nuntiare*, “bek. stel, verklaar”; d. Afr. bet. en gebr. sluit egter aan by dié v. Eng. *repulsion*, *repulsive(ness)*, ens.

renoster: diers. (*spp. Rhinoceros*, fam. *Rhinocerotidae*); Ndl. *r(h)ino=ceros* (by vRieb o.a. *rhinoceros/renocheros/renochelos* (skryf- of drukfout v. lg.?)/*renoscheros/reynoster/regnoster* (drukfout v. lg.?)/*renoster*), in Afr. (as “plat” beskou) ook *arnoster* (i.s. epent. *t v. yster*); Eng. *rhinoceros*, gaan almal terug op Ll. *rhinoceros* uit Gr. (*h*)*rinokerōs* (uit (*h*)*ris*, “neus”, en *keras*, “horing” — dan ook vroeër in Ndl. soms genoem *neushoorn*); v. ook Kloe HGA 316, 329.

renosterbos: pln. (*Elytropappus rhinocerotis*, fam. *Compositae*), daar bestaan meningsverskil oor motivering v. ben. (v. Scho PD 31–2, en Pet A 399).

renosterpad: pad wat renosters ooptrap i. d. bossieveld waarin hulle gew. wei; in sy uitg. (I 264 voetnoot) verkl. Brill dat vRieb se *reynosters padt* se bet. “duidelijk (is), de oorsprong duister” (vgl. Kloe HGA 329).

renostervoël: voëls. (*spp. Buphaga*), reeds by Bur (Scho PD 86), blb. so genoem, omdat dié voël graag op d. rug v. renosters sit en d. parasiete daarop vang; vgl. **bosluisvoël**.

rens: suurderig (gew. v. melk gesê); Ndl. *rins(ch)*, by Kil *rinsch/renschr/rijnsch*, 17e-eeuse Ndl. *rins(ch)*, “suuragtig soos Rynwyn”, hou dus verb. m. Ndl. *rijns(ch)*, b.n.w. by riviernaam (nou deur dVri J NEW as juis aanvaar teenoor ander mntl. afl. in *Aula-reeks*).

rente: interes; Ndl. *rente* (so by Kil) via Fr. *rente* (wu. ook Eng. *rent/rental*) uit Ll. *rendita* (so ook It.) uit Lat. *reddita* (ww. *reddere*, “oplewer, teruggee”).

republiek: gew. staat onder 'n president as hoof; Ndl. (sedert Kil) *republiek*, soos Eng. (begin 17e eeu) *republic*, via Fr. *république* (15e eeu) uit Lat. *respublica* (*res*, “aangeleentheid, ding”, *publica*, “openbaar”, d.w.s. “openbare/publieke aangeleentheid”).

rêrig: — *reg-reg* — , “waarlik”, sametr. v. redupv. *reg-reg*, by Teenstra *rech rech*, by Boniface *regreg* (v. Frank TB 178, 197).

reseda: pln. (*spp. Reseda*, fam. *Resedaceae*); Ndl. en Eng. *reseda* (18e eeu) uit Lat. *resēda* (eint. uit verbg. *resēda morbis*, “weer genees van kwaal”, n.a.v. sy geneesk. krag by d. beh. v. swere).

resep: voorskrif v. voorbereiding (bv. v. voedsel en medisyne); Ndl. *recept* (Mnl. *recept(e)*, dial. ander ww.), veral in bet. “voorgeskrewe geneesmiddel”, soos Hd. *rezept*, uit Ll. *receptum*, “voorskrif” (in d. destydse dokterst.) — Fr. *recette* uit Lat. *recepta*, (eers) “ontvangs; (later) voorskrif”, terwyl Eng. *recipe* uit d. Lat. imp. *recipe*, “neem . . .”.

reses: pouse; verdaging; het in Afr. wsk. na d. vb. v. d. Eng. *parlementêre* taal in gebr. gekom; Ndl. (en Mnl.) *reces*, Hd. *rezess*, Eng. *recess*, via Fr. *recez/recès* uit Ll. *recessus*, wat verb. hou m. Lat. *recedere*, “terugwyk”, vgl. Eng. *recede*.

resies v. reisies.

+ **resnawel:** waarlik/werklik waar, ook *gesnaal/resnawel waar*; 'n reeks aanh. en ww. uit die 19e eeu in S.A. by Scho (TWK 14, 1, p. 29–30 en 14, 4, p. 189 en 192); *raisonnabel* wel in Ndl. bek. maar nie in WNT nie; dit is mntl. maar moeilik uit te maak of die Fr. *raisonnable* v. d. Hugenote en/of die Eng. *reasonable* en *reasonably* v. amptenare en nedersetters invl. op d. gebr. in S.A. gehad het en eweneens waarom dit weer veroud. geraak het; ouderdom pleit misk. v. invl. v. Hugenote.

resoen v. rantsoen.

respek: agting, eerbied; Ndl. (sedert Kil) *respect*, soos Eng. *respect*, via Fr. *respect* uit Lat. *respectus* (hou verb. m. Lat. *respicere* en *respectare*, “terugkyk”); v. ook **respyt**.

? **respies:** pln. (vlgs. Mar 70, 116 *Harpephyllum paniculosum*, vlgs. Malh DFdT V II 166 *Heeria paniculata*, albei fam. *Anacardiaceae*); herk. onbek., tensy dit verb. hou m. *harpuis/rapuis* (v. Watt-BB 1313, 1400).

respyt: uitstel v. betaling; Ndl. *respijt* (Mnl. *respijt*, “uitstel”), soos Eng. *respite*, via Ofr. *respit* (Fr. *répît*) uit Gall.-Rom. *respectus*, “uitstel”, hou verb. m. Lat. *respectāre*, “tegemeotsien; terugkyk”, (dan ook) “uitstel”; vgl. ook **respek**.

resus: beter bek. as *resusaap* (*Macacus rhesus*, fam. *Cercopithecidae*); nie in Ndl. wdb. opgespoor nie; Eng. *rhesus monkey*, hou blb. verb. m. Lat. *Rhesus*, Gr. *Rhêsos/(H)rêsos*, 'n mitiese prins uit Thracië.

reuk: ruikvermoë; geur/stank wat iets afgee; Ndl. *reuk* (Mnl. *rōke/reuke*), Hd. (*ge*)*ruch*, hou verb. m. **ruik**.

reun: 1. mannetjieshond; 2. ontmande perd; Ndl. *reu* (Mnl. *reude/ruede*), blb. alleen in bet. 1. bek. (in Mnl. “groot hond; reun”), Hd. *rūde*; herk. hoërop onseker; v. ook Pet A 399; vgl. ook Kloe HGA 200–2 met kaart; bet. 2. “ontmande perd” hou blb. verb. m. Mnl. *rūnen/ruynen*, “ontman”; Ndl. **ruin**, “ontmande hings”, en **reu**, “mannetjieshond”, in Afr. deureen.

reus: iemand/iets wat besonder groot in sy soort is; Ndl. *reus* (Mnl. *rēse/reuse/rōse*, “held; reus”), Hd. *riese*; herk. hoërop onseker, misk. verb. m. Gr. (*h*)*rion*, “bergtop; voorgebergte” (v. dVri J NEW).

rewolwer: klein handwapen m. repeteervuur in teenst. m. ouer vorm v. pistool; Ndl. (19e eeu) *revolvers* (WNT II 864 s.v. *bagatel*) uit Eng. *revolver* (in 1828 deur Amerikaner Colt as uitvinder daaraan as naam gegee n.a.v. Eng. *revolve*, “ronddraai”).

rib: dun geboë been v. ruggraat na borsbeen; Ndl. *rib/ribbe* (Mnl. *ribbe/rebbe*), Hd. *rippe*, Eng. *rib*, verw. buite Germ. onseker.

ribbok: die S.A. antilooop is o.a. *Cervicapra fulvorufula*, fam. *Bovidae* en word by vRieb *reetjen(s)/reebeesjen/reebockien/reebock(en)* genoem na d. naam v. die soort wat in Ndl. *reebok* heet, nl. *Capreolus capreolus*, fam. *Cervidae* (v. Scho PD 13–4) — Ndl. *ree*, Hd. *reh* en Eng. *roe* is verw., maar herk. hoërop onbek., Afr. vorm misk. volkset. of net verk. van *ē*; vgl. ook Kloe HGA 316.

ribbokblom: pln. (*spp. Gladiolus*, fam. *Iridaceae* vlg. Mar 69, 141), motivering v. ben. onbek.; v. **vlciaandblom**.

ribbokhaas: ook bek. as *kolhaas* (*Lepus saxatilis*, fam. *Leporidae*), ben. blb. n.a.v. sy “groot spronge soos van ’n (rib)bok” (Scho PD 81).

ridder: lid v. bep. orde v. getitelde edeles; Ndl. *ridder* (Mnl. *ridder(e)/riddare/reddere/ruddere*, “ruiter; krygsman; ridder; perd i. d. skaakspel”), Hd. *ritter*, hou verb. m. Ndl. *rijder*, Afr. *ryer*, Eng. *rider*, Hd. *reiter* en m. Ndl. ww. *rijden*, Afr. *ry*, Eng. *ride*, Hd. *reiten*; v. **ruiter**.

+ **riebea:** (dial. v.) “raap en skraap” (vWiel 165); hou dit verb. m. sy **riewas** (q.v.)?

riem I: smal strook leer, leerband; Ndl. *riem* (Mnl. *rieme*), Hd. *riemen*, blb. hoof. Germ. v. herk.

riem II: roeispaan; Ndl *riem* (Mnl. *rieme*), Hd. *riemen*, ontl. aan Lat. *rēmus*, “roeiriem” (wu. Fr. *rame*, “roeiriem/-spaan”), vgl. Gr. *eretmon*, “roeispaan”.

riem III: papiermaat v. 480 vel; Ndl. *riem* (Mnl. *rieme*), Hd. *ries*, Eng. *ream*, uit It. *risma* (wu. Fr. *rame*) ui Arab. *rizma*, “stapel papier”.

+ **riemhoogte:** hoogte waarvoor waens vroeër alleen kon gaan deur hulle m. rieme teen uitgely en omval teë te hou (aldus Pet A 400 — daar moet egter rekening gehou word m. die feit dat hy soms *riem* m. *rem* verwar, en daarby is dit soms moeilik om tussen *riemhoogte* en *remhoogte* te onderskei).

riemland: ben. (veral vroeër) toeg. op d. noordoostelike Vrystaat, vlg. Pet A 400-1 n.a.v. troppe blesbokke wat deur d. boere doodgeskiet is en waarvan die velle tot rieme verwerk is, terwyl ander beweer dat d. boere se beste in groot getalle gevrek het en hulle slegs die rieme v. d. velle oorgehou het.

riemtelegram: gerug waarvan d. inhoud betwyfel word — die telegraafdrade word dan skertsend voorgestel as van rieme gemaak.

riet: pln. (*spp. Arundo*, fam. *Gramineae*, verw. aan *Arundinaria*); Ndl. *riet* (Mnl. *riet*), Hd. *riet*, Eng. *reed*, hoofs. Germ., verw. in Idg. onseker.

rietbok: — *rietribbok* — , antilops. (*Redunca arundinum*, fam. *Bovidae*), ben. n.a.v. sy weiveld in “met riet begroeide plekke” (Scho PD 50).

rietkwartel: voëls. (*spp. Turnix*, fam. *Turnicidae*) — hy hou van rietveld.

rietmuis: bep. knaagdiertjie (*spp. Thryonomys*, fam. *Thryomyidae*), laat aan 'n muis, 'n rot, 'n vark en 'n rolystervarkie dink — van= daar ben. soos Afr. *rietmuis*, Eng. *cane-/ground-rat/ground-pig*, veral lastig in Natalse suikerrietplantasies (v. Pet A 106-7).

rietribbok v. rietbok.

?+ **riewas:** — (redupv.) *riewas-riewas* — , “kleinighede” (vlg. Frank TB 139 by vWiel); “bykomende sake, buitekansies” (by Mans KHI); Frank ken dit in bet. “betaling, loon”, en bring dit in verb. m. Mal. (v. Kaapse Slamse) *riwa*, “profyt, wins”, en verderop m. Arab. *riba*, “woeker, interes” — die oorg. in bet. van “interes” tot “betaling, loon”, lyk mntl., dié tot “kleinighede” minder oortuigend en dié tot die ww. **riebe** (q.v.), “raap en skraap” (as daar verb. bestaan) nog minder mntl.; herk. nog onseker.

rig: lei, stuur; Ndl. *richten/rechten* (Mnl. *richten/rechten*), Hd. *richten*, vgl. **reg** en **regter**.

rigter v. **regter** I.

rigting: kant/oord waarheen verwys word; strekking; Ndl. *richting* (Mnl. *rechtinghe/richtinghe*, “vergoeding; regspleging”), eers sedert 18e eeu in huidige bet. na d. vb. v. Hd. *richtung*.

+ **riksdaalder:** muntstuk in Eur. (16e–19e eeu) en in S.A. (17e–19e eeu) in omloop, hier na Eng. inbesitname v. d. Kaap waarde bep. op 1s en 6d.; Ndl. *rijksdaler/rijksdaalder/rijksdaler/rijksdaalder*, soos Eng. *rixdollar*, uit Hd. *reichsthaler* (d.w.s. van die Heilige Roomse/Duitse Ryk), Hd. *thaler* eint. ’n verk. v. *Joachimsthaler* na Joachimsthal waar dit gemunt is (vgl. Bosh VT 282); v. **daalder**.

riksja: ligte karretjie deur een man getrek; Ndl. *riksja*, Eng. *rickshaw/ricksha* (wu. dit wsk. in Natal in Afr. gekom het), redukv. v. Jap. *jinricksha/jinrikisha* (*jin*, “man”, *riki*, “krag”, *sha*, “voertuig”, m.a.w. “mankragkarretjie”).

rimpel: plooi, vou; Ndl. *rimpel* (Lmnl. *rimpel/rompel/rumpel* naas *rimpe/rumpe*), Hd. *runzel*, hou mntl. verb. m. Gr. (*h*)*rembomai*, “ronddraai”.

rin v. **beesrin**.

ring: kring; sirkelvormige voorwerp; vingerversiersel; bep. kerklike liggaam; Ndl. *ring* (Mnl. *rinc*), Hd. en Eng. *ring*; hoof. Germ. — Idg. verw. onseker.

rinkhals: slangs. (*Sepedon haemachaetes* vlg. Pet A 402), by Teenstra *rinkelhals* (Frank TB 184), by Baines *ringhals* (Pet t.a.p.), ben. n.a.v. wit ring om nek, word ook op gew. swartslang m. so ’n ring toeg.

rinkhalskraai: kraais. (*Corvultur albicollis*, fam. *Corvidae*), reeds so bek. aan 1Va (Scho PD 58–9), ben. n.a.v. wit kring om nek; v. ook Pet A 403.

rinkink: baljaar, woelig wees; Ndl. (17e eeu), soos Fri. en Ned., *rinkinken*, hou mntl. verb. m. Kil se *ringkel*, “ratel” (as Holl. en Fri. bestempel) en kn.

rinnewasie: — (ouer spv.) *renewasie* naas *ruinasie* — ; in ’n mate reeds doeb., ondersk. in bet. “verwoesting” en “geldelike ondergang”; afl. m. suf. *-asie* v. *ruïne*, Ndl. *ruïne*, soos Eng. *ruin*, uit Fr. *ruine* of uit Lat. *ruina* (verb. m. ww. *ruere*, “inestort”), soos by die s.nw. word ook by die ww. *rinneweer* (ouer spv. *reneweer*)/*ruïneer* ondersk.

riool: — (dial. ook) *riool* — , afvoerpyp/-sloot, ens.; Ndl. *riool* (ouer en dial. ook *riool*, Mnl. *riöle*, “afwateringskanaal”) uit Fr. *rigole* (verb. m. Fr. ww. *rigoler*, “m. grippies/voortjies deurgrawe”) wat op sy beurt mntl. verb. hou m. Mnl. *riegen*, Ndl. *rijgen* (wu. Afr. *ryg*).

ris v. cris.

risiko: waagstuk; Ndl. *risico* (sedert 16e eeu), soos Eng. (17e eeu) *risk*, Fr. *risque*, Port. en Sp. *risco*, uit It. *ris(i)co*, “klip, rots” (hou verb. m. It. *rischiare/risicare*, “gevaar loop”, eint. “om ’n gevaarlike rots seil”; vgl. Lat. *saxum*, “klip, rots”, waarmee *-schiare/-sicare* mntl. verb. hou.

rissie: vrug- en pln. (*spp. Capsicum*, fam. *Solanaceae*); vroeër afl. uit Jav. *maritja* nie oortuigend nie; wat later omstrede en tot nog toe onseker herk. betref (WNT XIII 611), in Afr. wel via Ndl. *ritsjes/risjes* (sedert vroeg 17e eeu, by vRieb *ritsjens*, en tans nog *ri(t)sjespeper*), mntl. verb. m. Ndl. *risten*, vgl. “De peper groeit aan risten” (WNT XII 1149 s.v. *peper*), vgl. *ri(t)sjespeper* — in Afr. (fig.) ook “heethoofdige (veral vr.) pers.”; v. ook **rits I**.

rit: reis/tog (te perd, per voertuig, ens.); Ndl. *rit*, misk. i. 16e eeu aan Hd. *ritt* ontl. (indien nie eerder in oostelike Ndl. dial. nie), hou verb. m. Ndl. *rijden*, Hd. *reiten*, Eng. *ride*, Afr. *ry*.

ritmeester: (tans weinig bek. v.) aanvoerder v. ruitery; Ndl. *rit-/ridmeester* (Mnl. *ritmeester/-meister*), Hd. *rittmeister*, uit oostelike Ndl. of westelike Du. dial. gebied - - Kil noem dit s.v. *rit-/ridrijd-meester* na *ritt*, *ritte* wat hy blb. as “oostelik” beskou.

rits I: reeks, string; WNT (XIII 597 en vlg.) het 9 lemmas s.v. *rits*, waarvan alleen V in bet. “ewewydige sandwalletjies langs seekus” iets m. begrip “reeks” gemeen skyn te hê, en dié word beskou as ontl. aan Eng. *ridge*; blb. eerder verb. m. Ndl. *ris(te)/rits*, “ry” (WNT XIII 587), v. ook *rist*, “bossie” (WNT XII 1149).

rits II: lawaaierig speel, rinkink, ravot; Ndl. *ritsen*; WNT (XIII 604 en vlg.) het 6 lemmas s.v. *ritsen*, waarvan alleen I in bet. “aanhits, opstook” sem. verb. skyn te hou met Afr. ww. “wild te kere gaan”.

ritsel: s.nw. en ww., sagte geruis; so ’n geruis maak; Ndl. *ritselen* (Mnl. *ristelen/rijselen*, by Kil *rijsselen*), wsk. kn., maar mntl. verb. m. *ristelen*, “beweeg. roer, skud” (bv. v. blare).

ritfeltits: (gew. historiese) bewegings, bewerasie; hou misk. verb. m. Ndl. *ritselen* in bet. “beef, bibber, ril, sidder”, mntl. afl. v. *ridde/ritte*, “koors”, vgl. oor tweede lid **titsel**.

rivier: waterstroom (groter as spruit); Ndl. *rivier* (Mnl. *riviere*, “oewerstreek”, by vRieb dikw. *revier*), Hd. *revier*, Eng. *river*, via Fr. *rivière*, “land langs ’n stroom; stroom, rivier”, uit Ll. *rīpāria*, “oewerstreek” (Lat. *ripa*, “stroomoewer; strand”), vgl. Eng. *riparian*.

rivicrotter: diern. (*Lutra inunguis*, fam. *Mustelidae*) na sy verblyf in seekoegate in rivier (v. Pet A 404), v. **otter**.

rivierperd: stomp hout met behulp waarvan inboorlinge en vroeë trekkers in S.A. deur riviere geswem het (vgl. Pet A 404).

riviersteenbras: viss. (*Cheilodactylus grandis*, fam. *Cheilodactylidae*) blb. ook toeg. op d. *banksteenbras* en (misk. ten onregte) op die *tiervis* (sowel soet- as soutwatervis), vgl. Pet A 404.

rob: seediers. (*spp. Phoca*, fam. *Phocidae*), vroeër in Ndl. ook bek. as *zeehond* (by vLin) en as *hercas* (by vRieb: “hercas, te seggen robben”), verw. aan d. *oorrob*, *seelceu* of *walrus* (Eng. *sea lion* en *walrus*), fam. *Otariidae* en *Odobenidae* ondersk.; Ndl. *rob/robbe* (Kil se *robbe(ken)* is ’n konyn, Eng. *rabbit*), wu. Hd. *robbe*, naas Fri. *robbe*, Ned. *rubbe* — die Ndl. wd. blb. sedert vroeg 16e eeu, maar oor herk. hoërop en aansl. by Lit. *rupas*, “ongelyk, ru” (n.a.v. sy vel) nog geen eenstemmigheid nie; v. **hercas**.

robbedoe: — *robbedoes/rabbedoe(s)/barradoes* —, ruwe/wilde kind/mens; Nnl. *robbedoes*, wsk. uit Fri. en blb. alleen vorme met *o* in 1e lid, Afr. vorme met *a* mntl. beïnv. deur Port. *rabido/raivoso*, Mal.-Port. *raaybojoe*, “rasend”, terwyl Afr. vorme sonder ausl. -s misk. verkl. moet word as gevolg v. opvatting dat -s die mv. aandui — 1e lid hou verb. m. **rob** (q.v.) en 2e as Fri. vorm (met *oe*) by *duisel*, “dwaas, suf”.

robot: bep. tipe verkeerslig; tans ged. intern. wd., gaan terug op Tsj. s.nw. *robota*, ww. *robotiti*, ondersk. = Rus. *rabota* en *rabotat*, “werk”, en hou verb. m. Ndl./Afr. *arbeid* en Hd. *arbeit*; het alg. bekendheid verkry deur Karl Capek (1920) se toneelstuk R.U.R. (Rossum’s Universal Robots).

robyn: helderrooi edelgesteente; Ndl. *robijn* (Mnl. *robijn/rubijn*), soos Hd. *rubin*, Eng. *ruby*, via Ofr. *rubin* uit Ll. *rubinus*, afl. v. *rubeus* (verb. m. Lat. *rubidus*, “rooi”).

roebel: Rus. munteenheid; Ndl. *roebel*, Eng. *rouble/ruble*, uit Rus. *rubl*, afl. v. ww. *rubit*, “hak, kap”, eint. ’n afgekapte stuk silwer van ’n bep. waarde.

roei I: “biesie” (in bv. **bies(e)roei** q.v.); “stert v. ’n komeet”; Ndl. *roede* (Mnl. *roeae*, “takkie; penis; vlaktemaat”), Hd. *rute*, Eng. *rod* en *rood*; verw. hoërop onseker.

roei II: 'n boot(jie) m. (roei)rieme vorentoe laat beweeg; Ndl. *roeien* (Mnl. *ro(e)yen*), Hd. *rudern*, Eng. *row*, hou verb. m. Lat. *rēmus*, v. verder **riem** II; Ndl. *roeien* ook "beweging maak, met arms en bene swaai", wu. wsk. Afr. *roei*, "stoei" (Scho TWK 14, 1, p. 30 en 14, 4, p. 192 m. S. A. vb., o.a. by Trig, uit 19e eeu, maar nou minder in gebr.).

roekeloos: onverskillig, ru, woës; Ndl. *roekeloos* (Mnl. *roeke-/roukeloos*), Eng. *reckless*, 1e lid o.a. nog bewaar in Eng. s.nw. en ww. *reck*, "hulp/sorg; help/sorg", wat wsk. verb. hou m. Gr. *arōgê*, "hulp".

roem: s.nw. en ww., aansien, glorie, lof; lof toebting; Ndl. *roem* (Mnl. *roem*), Hd. *ruhm*, hou misk. verb. m. Gr. *kêrux*, "herout", ouer bet. blb. "aankondiging; aankondig" (bv. v. 'n pers. deur 'n herout).

roep: s.nw. en ww., skreeu; Ndl. *roep* (Mnl. *roep*), Hd. *ruf*, en ww. Ndl. *roepen* (Mnl. *roepen*), Hd. *rufen*, maar Germ. en Idg. verw. hoërop onseker.

roepce: — (weinig bek.) *ropy* —, Ind. geldeenheid, ben. deur teruggekeerde krygsgevangenes uit Ceylon en Indië na 1902 in gebr. gebring; Ndl. *ropij*, Eng. *rupee* uit Ur. *rupiyah* — Skt. *rupya*, "gedrewe silwer".

roepica: Indon. geldeenheid, v. verder **roepce**.

roepsek: (verbg. ong. =) "ek roep hierheen", redukv. v. *roep se ek*, vgl. ook **voertsek**.

roer I: beweging, opskudding (bv. in verbg.: *in rep en roer*); Ndl. *roer* (Mnl. *roere*), Hd. *ruhr*, (almaal) "beweging, opskudding", hou verb. m. Ndl. ww. *roeren* (Mnl. *roeren*), Hd. *rühren* en verderop m. Gr. *kirnēmi* en *kerannumi*, "meng" (bv. wyn m. water).

roer II: stuurtoestel (aan boot of skip); Ndl. *roer* (Mnl. *roeder/roeyer*), Hd. *ruder*, Eng. *rudder*, hou wsk. ook verb. m. **roer** I.

roer III: geweer; Ndl. *roer* (Mnl. *roer*, "buis, rietpyp, (geweer)loop, geweer"), Hd. *rohr*, "riet(stingel)", Got. *raus*, "riet" (waarby Hd. *reuse*, "fuiik", wsk. vroeër v. riete gemaak); heelwat nog duister (dVri J NEW).

+ **roerboog**: voorheen seuns se speelskiettuig m. boog en kolf (beantw. aan Eng. *cross-bow*), hou verb. m. **roer** III en *boog*.

roerdomp: voëls. (*spp. Botaurus*); Ndl. *roerdomp* (Mnl. *roerdum(p)/roerdumpt*, talle Ndl., Mnl. en dial. ww.), Hd. *rohrdommel* — 1e lid hou verb. m. **roer** III en 2e wsk. kn.

roerdraer: pers. wat op kommando of skiettog 'n ander se geweer moet dra (Pet A 407); Ndl. (19e eeu) ken ook *roerdrager*, sg. "busschutter".

roerie: "(dis) waar"; SSo. *ruri* (Dietl 413); v. ook *kanete/kanietie*.

roerkruid: pln. (*Gnaphalium luteo-album*, fam. *Compositae*); Ndl. *roerkruid* (Mnl. *roercruut*) by Heuk e.a. vir *spp. Gnaphalium*; omdat dit blb. goed in moerassige grond aard, hou dit wsk. verb. m. **roer** III in bet. "riet".

roes I: toestand v. bedwelming d. st. drank; Nnl. *roes* (na Kil), hou wsk. verb. m. Mned. ww. *rūsen*, "lawaai maak", vgl. Hd. *rausch*, "bedwelming, roes" — wsk. v. Du. (Hd. of Pd.) herk.

roes II: s.nw. en ww., 1. oksiderende aanslag op metale; 2. koring=siekte; Ndl. *roest* (Mnl. *roest/rost*), Hd. *rost*, Eng. *rust*, hou verb. m. Fr. *rouge* en *roux*, It. *rosso*, Lat. *russus*, Gr. *eruthros*, Ndl. *rood*, Hd. *rot*, Eng. *red* en Afr. *rooi*, (almal) "rooi"; hierby die ww. Ndl. *roesten* (Mnl. *roesten*), Hd. *rosten*, Eng. *rust*, Afr. *roes*.

roesemoes: lawaai, verwarring, warboel; Ndl. (16e eeu) *roezemoes*, toeg. op pers. en ook op toestand, daarby ww. *roezemoezen* (ouer *rūsemūsen*), "oproerig, opstandig, rumoerig word", wsk. v. Ned., Pd. of OFri. herk., vgl. *rusebuse* (s.nw.) en *rusebuser* (ww.) by tDK, 'n soort kn. vorm m. asson. wat verb. hou m. **roes** I.

roesie v. **rusie**.

roet: swart produk v. verbranding; Ndl. *roet* (Mnl. *roet*), Hd. *russ*, hou misk. verb. m. Gr. *karumon*, "die swarte", maar herk. en verw. onseker.

roete: pad, weg; Ndl. (17e eeu) *route*, soos Eng. *route*, uit Fr. *route*, wat verb. hou m. Lat. *rupta* (verl. dw. v. ww. *rumpere*, "breek", bv. om 'n baan/pad deur te breek).

rofkas: s.nw. en ww., manier v. grintpleisterwerk; verrig v. sodanige werk, deur d. boubedryf in gebr. gebring; Eng. *rough-cast*.

rog I: pln. (*Secale cereale*, fam. *Gramineae*); Ndl. *rogge* (Mnl. *rogghe*), Hd. *roggen*, Eng. *rye*, ben. wsk. ontl. aan 'n taal uit SO-Eur.

rog II: viss. (*spp. Raja*, fam. *Rajidae*); Ndl. *rog* (Mnl. *rochche/roche/rochghe/rogghe*), Hd. *roche(n)*, Eng. *ray* (beter bek. as *skate*, terwyl *roach* op 'n ander vis toeg. word), Fr. *roche* is aan Mnl. ontl., ben. hoofs. Ndl. en Ned.

roggel: s.nw. en ww., besondere geratel i. d. keel; so 'n geratel maak; Ndl. *rochelen* (Mnl. *rochelen*, “brul, skreeu”), Hd. *röcheln*, verderop misk. verb. m. Gr. *kraugê*, “geskreeu”, wsk. kn.

rojaal: vorstelik; milddadig, vrygewig; ruim; Ndl. *royaal* (Mnl. *royael/reael*, “aansienlik, vernaam”), in Ndl. vroeër veral bek. as goue muntstuk (*reael/reaal*) via Ofr. *reiel/reial* uit Lat. *regalis*, “koninklik”, later herontln. aan Fr. *royal* in bet. “mild”.

rok: vrouelyfkleed; Ndl. *rok* (Mnl. *roc*, “baadjie; mantel; vroue=kleed”), Hd. *rock* (Os. *rok* Ohd. *roc*, Ofri. *rock*, Oeng. *rocc* — aan Germ. tale ontln. deur Ll. en Rom. tale).

+ **rokkie v. ramkie.**

rol: s.nw. en ww., silindervormige voorwerp, skyf (wu. papierrol, dokument, lys en sedert 17e eeu toneelspelersrol, ens.); as ww. “draai, wentel, vlug verskyn” (bv. woorde, trane, ens.); Ndl. *rol* (Mnl. *rolle*), Hd. *rolle*, Eng. *roll*, via Fr. *rôle* of It. *ruzzo/rotolo* uit Lat. *rotula*, “wieletjie”; v. 'n *perd laat rol* by Teenstra (Scho TWK/NR 7, 2, p. 21), en *rolplek* by Pet A 407–8; hierby ww. Ndl./Afr. *rol(len)*, Mnl. *rollen* (ouer as s.nw.) uit Ofr. *roller* (Fr. *rouler* = It. *rullare* uit Lat. *rotulāre*, “draai, rol”).

roman I: (m. klem op 2e letg.) bep. prosagenre; Ndl. (17e eeu) *roman*, soos Hd. *roman*, uit Fr. *roman* (ouer *romanz/romans* uit Ll. *romanice*, “(in die) Romaanse (volkstaal)”) — vroeër verhaal in verse, later verhaal in prosa.

roman II: (m. klem op 1e letg.), viss. (*Chrysoblephus/Sparus laticeps*, *Chrysophrys cristiceps*, fam. *Sparidae*), reeds vroeg 18e eeu *roman* uit Ndl. *ro(o)deman* (vgl. Ndl. *roodoog*) n.a.v. sy kleur (Scho PD 37 en Pet A 408) — dié ben. soms ook toeg. op die rooibruine-rige *ja(a)gspinnekop* (*spp. Palystes*, fam. *Clubionidae*).

romanse: liefdesgedig; romantiese liefdesavontuur; Ndl. *romance* (Mnl. *romanse*, “gedig i. d. Rom. taal”), v. verder **roman I**.

rommel I: s.nw., afvalhoop, versameling waardelose dinge; Ndl. *rommel* (na Kil) naas Mnl. *rommelinghe*, “vodde”, word as kn. beskou, maar herk. onseker.

rommel II: ww., gedruis/lawaai maak; Ndl. *rommelen* (vgl. Mnl. s.nw. *rommelinghe*, “gedruis, lawaai”), Hd. *rummeln*, Eng. *rumble*, almal wsk. kn.

romp: liggaamsdeel sonder kop, arms en bene; geraamte (van gebou of skip); vrouekledingstuk; Ndl. *romp* (Mnl. *romp(e)/rump*), Hd. *rumpf*, Eng. *rump* (lg. veral nog in bet. “stuitjie v. dier of voël”), herk. hoërop onseker.

rondawel: 1. ronde eenkamergebou, vroeër gew. m. grasdak, o.a. gebr. as melk-, pak-, slaap- of woonkamer; 2. fort(geboutjie), lg. (17e eeu) na gelang v. doel en vorm bek. as *bastion*, *blokhuis* of *bolwerk*, by vRieb eien. *Kijckuyt*, *Keert-de-Koe*, *Houdt-den-Bul* en *Koornhoop* en alg. ben. o.a. *redout* en *wachthuys*, meer bep. (23–25.2.1660) *ronde wacht- off waerthoorens*; vroegste datg. (a) by Trig. (22.6.1837): “Juf. Schepers had voor haar een rondawel klaar . . . Jan maak . . . een zoo als een wagetind”, d.w.s. “watentvormige slaap- en/of woonkamer m. grasdak” (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 21); (b) by Kret (293, kort na Trig): “eine Rondtafel . . . ein niedriges, thurmähnliches Gebäude mit dicken Mauern und Schieszscharten, welche in Ueberfällen durch die Schwarzen als Citadelle gedient hatte” — wsk. Du. poging om *rondawel* weer te gee. Herk. omstrede: (1) Pet A 408 (blb. deur Smi aanvaar) lei af v. Ndl. *rondeel* (q.v.), maar *rondaal* nog nie as ww. of doeb. hiervan gevind nie, en al sou dit later êrens as “relik” opduik, gaan ontw. -aal tot -awel lynreg in teen Afr. oorg. -abel/-awel tot -aal, wat ook geld t.o.v. vorme soos *rondail* (by tLa NGW) en dial. Eng. *roundal*(!); (2) dTo S (TWK 5, 3, p. 127) gaan uit v. veronderstelde Port. ss. *rodavallo* (*roda*, “wiel, kring”, *vallo*, “wal, muur”), maar moet te veel veronderstel; (3) Bosh (EWA) wys op mntl. hibr. ss. uit *rond(e)* en Port. *aba*, “buitegebou” (m. parag. 1 soos in *kojewel*), maar geen dokg. nie; (4) misk. ook te dink aan hibr. ss. v. *rond(e)* en Mal. (vlgs. Klin blb. v. Pers. herk.) *dewal(a)*, “muur, wal”, vgl. Bog (I 343) *dewals*, “piramidevormige geboutjies i. d. Ooste” (wat nie net as pagodes gedien het nie, vgl. Hob-Job 308), mntl. d. Kaaps-Mal. messelaars gebou en/of dus benoem, vgl. opm. by dTo (t.a.p.): “Die feit . . . dat ’n rondawel vanmelewe eintlik ’n slawewoning was — vandag nog laat min munisipaliteite hom op ’n erf toe — maak die waarskynlikheid vir die invoering van die woord uit die Ooste des te groter”.

rondeel: 1. (weinig. bek. i.v.m. outydse vestingbou v.) “ronde vestingsterkte/-toring/-waghuis of ronde buitewerk”; 2. (beter bek.) “bep. digvorm”; Ndl. *rondeel* (Mnl. *rondeel*/*rondelle*) uit Ofr. *rondeel* (Fr. *rondeau*), wu. Hd. *rundell*/*rondeau*, Eng. *roundel*/*roundle* (dial. *roundal*!) naas Eng. *roundelay* en *roundlet* — Fr. *rond(e)*, *rondeau*, *rondelet(te)* en *rondelle* hou blb. almal verb. m. Lat. *rotundum*/*rotundus*, “rond” (en m. Lat. *rota*, “wiel”).

ronk: gons, raas, snork; Ndl. *ronken* (Mnl. *ronken*/*runken*, “gons, snor”), Mned. *runken*, “snork”, wsk. kn.

ronkedor: (dial., veral in Rhodesië gebr. v.) 1.: alleenlopende, ronkende olifantsbul wat d. jongeres uit trop uitgedryf is; 2.: alleenlopende, afsydige, ongesellige manspers.; wsk. uit Port. *roncador* (wat verb. hou m. Port. *roncar*, “raas, ronk”).

roof I: gewelddadige diefstal, plundering; Ndl. *roof* (Mnl. *roof*), Hd. *raub*, Oeng. *reaf*, “buit”; hierby Afr. ww. *roof*, “plunder, steel”, Ndl. *ro(o)ven* (Mnl. *roven*), Hd. *rauben*, Eng. *reave*, “plunder”, *bereave*, “ontneem”, hou misk. verb. m. Lat. *rumpere*, “breek; vernietig”.

roof II: wondkors; Ndl. *roof* (Mnl. *rove*, “uitslag, rofie”), dial. Hd. *ruft*, “wondkors”, hou misk. verb. m. Lit. *kraupis*, “uitslag”, en m. Let. *kraupa*, “skurfte”.

rooi: bep. kleur (bv. v. bloed), attr. en pred. vorm v. b.nw.; uit ver=boë attr. vorm (*ro(o)de*) v. Ndl. *rood* (Mnl. *root*), Hd. *rot*, Eng. *red*, hou verb. m. Fr. *rouge* en *roux*, m. Lat. *ruber* (dial. Lat. *robustus* en *rufus*), Gr. *eruthros*, vgl. **roes II**; v. ook **daeraad I**, **rooidag**.

rooi-aas: bep. soort seedier (*spp. Ascidia/Phallusia*, fam. *Ascidia-ceae*), rooi v. kleur en gebr. as aas by visvangs; v. **aas I**, **witaas**.

rooibaadjie: (tans veroud. v.) “Eng. soldaat” n.a.v. kleur v. 19e-eeuse uniform; “voetgangersprinkaan” (kleur soms rooier as in die vliestadium); reeds 1e helfte 19e eeu bek. en mntl. leenv. uit Eng. *red-coat* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 21).

rooibloem v. isona.

rooibok v. impala; vgl. Scho PD 78.

rooibos: pln. (*Borbonia pinifolia*, nou *Aspalathus contaminatus*, albei fam. *Papilionatae*), word as tee gedrink en het gew. rooierige kleur.

rooidag: dagbreek, daglumier; eerste lid hou mntl. verb. m. tweede lid v. *daeraad*, v. **daeraad I**.

rooi-els v. els II, wit-els.

rooihond: rooi huiduitslag, ook bek. as *Duitse masels* (med. *rubella*); Ndl. *ro(o)dehond/roodhond*; vgl. **rooivonk**.

rooihout: pln. (*spp. Ochna*, fam. *Ochnaceae*); nie *spp. Ochna* by Heuk e.a. nie.

rooihoutjies: pln. (*Rubia petiolaris*, fam. *Rubiaceae*); nie onder *spp. Rubia* by Heuk e.a. nie.

rooikrans v. baaibos.

rooimelkboom v. bolletrie(boom).

rooiminie v. menie.

rooinaels v. viooltjie.

rooinek: ben. v. Engelsman; na bewering brand blankes m. voor= geslagte in S.A. bruin, terwyl immigrante (blb. veral Engelse) rooi brand, duidelik sigbaar i. d. nekstreek.

rooiipop: pln. (*Hyobanche sanguinea*, fam. *Scrophulariaceae*), ook bek. as *soetpop*; aansl. by *spp. Scrophularia* by Heuk e.a. bied Ndl. ben. *poppekast*; v. ook **skildpadblom**, **wolwekos**, **soetkop**, **inkblom**, **katnaels** e.a.

rooirabas v. rabas/rabassam.

rooiribbok v. ribbok.

rooiriem: ben. v. Engelsman (reeds 2e helfte 19e eeu bek., v. Scho TWK 14, 1, p. 30), misk. kontamv. v. *rooinek* en *rouriem* (lg. vir nog onaangepaste immigrant).

rooitou: pln. (*Ficus lutea*, fam. *Moraceae*), ben. mntl. n.a.v. parasi= tiese oprank in en vasklou aan ander bome, vgl. *natou* en Eng. *tree-killer* v. *F. natalensis*; by Watt-BB 1227, 1395 alleen *F. soldanella*, nie by Mar nie.

rooiwonk: bep. siekte (med. *scarlatina*); Ndl. *roodwonk*, 'n ben. wat blb. deurengeloop het m. Ndl. *roodhond* (v. **rooihond**).

rooiwater: siekte v. mens en dier (med. *bilharsiosis*), ben. wsk. n.a.v. kleur v. urine v. aangetaste.

rooiwortel: pln. (*Bulbine alooides*, fam. *Liliaceae*), ben. wsk. n.a.v. kleur, etlike lede v. dié fam. het name wat op kleur berus; wat in Ndl. *ro(o)de wortel* heet, is vlgs. Heuk 84 *spp. Daucus*, fam. *Umbelliferae*.

rook: damp, mis, wasem m. as en/of ander verbrande materiaal gevul; Ndl. *rook* (Mnl. *rooc*), Hd. *rauch*, Eng. *reek*; hierby ww. Ndl. *ro(o)ken*, Hd. *rauchen*, Eng. *reek*, Afr. *rook*; hou verb. m. **reuk** en **ruik**.

room: vetdeel v. melk wu. botter gemaak word; Ndl. *room* (Mnl. *room/rome*), Hd. *rahm*; meningsverskille oor verw. hoërop.

+ **rooms:** (dial. v.) perd wat struikel (Mans KHI); Frank (TE 22) betoog dat *rooms* in dié toep. niks m. die R.K. Kerk te doen het nie, maar (volkset.?) verb. hou m. dial. Noorw. *rome*, "lamheid, pootsiekte v. vee", en *romen*, "lam, styf i. d. pote", asook m. Vl. *remmig* en Ndl. *ramp* (Mnl. *rampe*), "kramp by voëls", en wys verder daarop dat *rooms(ch)* ook onverkl. bly by Nd!. en Vl. volksn. v. plante (soos by Heuk).

- roos:** 1. pln. (*spp. Rosa*, fam. *Rosaceae*); 2. huidsiekte (*erisipelas*, med. *erysipelas*); Ndl. *roos* (Mnl. *rose*), Hd. *rose*, Eng. *rose*, ontl. aan Lat. *rosa*; ben. v. d. siekte (sedert ong. mid. 16e eeu) n.a.v. rooi kleur.
- rooster:** ysterraamwerk v. braaidoeleindes; lys, program; Ndl. *rooster* (Mnl. *rooster(e)* en dial. ww.), Hd. *rost*; as militêre wd. in bet. “lys” (sedert 18e eeu) ww. Eng. *roster* en bet. “program”; hierby ook ww. Ndl. *roosteren* (Mnl. *roosteren*), Eng. *roast*, Afr. *rooster*, hou verb. m. Ofr. *rost/roste* (Fr. *rôte*) en Ofr. ww. *rostir* (Fr. *rôtir*), “braai”.
- roostou:** pln. (*Hibiscus ludwigii*, fam. *Malvaceae*), ben. blb. n.a.v. feit dat die bas so taai is dat tou daarvan gemaak kan word.
- ropy v. roepee.**
- roskam:** s.nw. en ww., werktuig om perd se hare te kam; (as ww.) ’n perd se hare kam; iemand streng berispe; eerste lid in Ndl. *ros* (Mnl. *ors/hors*), Os. *hros*, On. *hross*, Hd. *ross*, Eng. *horse*, “perd”, hou verb. m. Ndl./Afr. *kar*, Eng. *car*, Hd. *karre(n)*, Lat. *currus*, “strydwa” (ww. *currere*, “loop”); vgl. *konkurrensie* en Eng. *concur*, *recur*, ens., en v. *horsweep*, *walrus*.
- rosmaryn:** d. uitheemse plant is *Rosmarinus officinalis*, fam. *Labiatae*; d. inheemse wilde is *Eriocephalus umbellatus*, fam. *Compositae*; Ndl. (reeds by Kil) *rosmarijn* (d. byg. aan *roos* reeds Lmnl. *rose=marijn*) uit Ll. *ros marinus*, “seedou” (*ros*, “dou”, *marinus*, “wat verb. hou m. *mare*, “see”), ben. mntl. n.a.v. feit dat bokant v. blaar “nat glansend” lyk.
- rosyn:** gew. dim. *rosyntjie*, gedroogde druiwekorrel; Ndl. *rozijn* (Mnl. *rosine*, “druif; rosyn”), Hd. *rosine*, uit Pik. *rosin* (Fr. *raisin* ww. Eng. *raisin*), hou verb. m. Lat. *racēmus*, “druiwierankie; druiwetros; druiwekorrel”, by vRieb o.a. *rasijnen*.
- rosyntjebos:** ben. n.a.v. vorm v. bessie v. versk. plante, bv. *spp. Grewia*, fam. *Tiliaceae*, asook *spp. Rhus*, fam. *Anacardiaceae*, ook bek. as *k(o)rentebos*; v. Pet A 404 s.v. *rissingibosch*.
- rosyntjehout:** vlgs. Scho PD 72 ook bek. as *rosyntjieboom* en reeds by Pat en Wik v. *Rhus viminalis*, fam. *Anacardiaceae*, wat by Mar ondersk. 71 en 116 gedok. is as *rozijntjesbos* en *rozijnbos*.
- rot I:** bep. knaagdiertjie (*spp. Rattus*, fam. *Muridae*); Ndl. *rot* (Mnl. *rotte*), benoorde groot riviere, deur Skand. tale (bv. De. *rotte*) oorgeneem, maar Ndl. *rat* (Mnl. *ratte*), besuide dié riviere, blb. tans oorwegend in Ndl. AB en deur Rom. tale (bv. Fr. *rat*, It. *ratto*) oorgeneem, later wisselwerking t.o.v. vorme (bv. Eng. *rat*, Hd. *ratte/ratz*) — herk. hoërop onseker (v. dVri J NEW s.v. *rat*); v. Kloe HGA 200.

rot II: s.nw., b.nw. en bw., bederf, ontbinding, verrotting, vrot (as s.nw.); sleg, vrot (as b.nw. en bw.); Ndl. (16e eeu) *rot*, hou verb. m. Ndl. ww. *rotten* (Mnl. *rotten*), Hd. *rotten*, Eng. *rot*, Afr. *rot* en *vrot* (uit *verrot*), asook m. Afr. (bw.) *rot* in verbg.: *rot en kaal steel*, d.w.s. “kaal, leeg, sleg”, vgl. Eng. *rotten(ly)*.

rotary: bep. diensorganisasie; Eng. *rotary* na *Rotary Club* in 1905 in Chicago gestig wat om die beurt (in rotasie) by woning v. 'n lid vergader het; hou verb. m. Lat. *rotarius*, “ronddraaiend” (Lat. *rota*, “wiel”).

rots: klipmassa; Ndl. *rots* (Mnl. *ro(o)tse/ro(o)tche* naas *roke*), Eng. *rock*, via Ofr. *roc(h)e* naas *roke* uit Gall.-Rom. *rocca*; by vRieb o.a. *rudsen/rutsen*.

rottang: pln. (*Calamus rotan*, fam. *Palmaceae*); Ndl. *rot(t)an/rot(t)ang* (by vLin as *rota*, by Rum as *rottang*), Eng. *rat(t)an*, Fr. *rotang/rotin*, Hd. *rotang*, uit Mal. *rotan*; by vRieb *rottangh*.

rottangolie: pak slae, d.w.s. iemand m. 'n rottanglat “olie” gee.

rou I: nie-gaar, ongekok; ontvel, oop (bv. wond); ongebrei (bv. diervel); onopgelei (bv. leerling; speler; werker); hees (bv. stem); ru (bv. gedrag); Ndl. *rauw* (Mnl. *ra(e)u*), Hd. *roh*, Eng. *raw*; hou verb. m. Lat. *cruor*, “bloed”, Gr. *kreas*, “vleis” (vroeër misk. “rou vleis”), Lit. *kraujas*, “bloed”.

rou II: droefheid, leed, smart; Ndl. *rouw* (Mnl. *rouwe*), Hd. *reue*; hierby ww. Ndl. *rouwen* (Mnl. *rouwen*, “bedroef; spy”), Hd. *(be)reuen*, Eng. *rue*, afl. v. **rou II**, as s.nw.

rou III: (soms nog) oneffe, ongelyk; grof, ru; hou verb. m. Ndl. *ruw* en *ruig* (Mnl. *rū/ruuch/rou*), Hd. *rauh* en Eng. *rough*.

rouriem: onervare arbeider/immigrant; vroeër blb. toeg. op 'n Engelsman (Scho TWK 14, 1, p. 30), v. ook **rooiriem**.

rubber: gomlastiek, gummi; Nnl. *rubber* uit Eng. *rubber* (in toep. op kaoetsjoeke as uitveër gebr. eers sedert 18e eeu, en blb. in dié bet. ontln. in Nnl.).

rubriek: afdeling, groep; Ndl. *rubriek* (Mnl. *rubrike*, “in rooi geskrywe of getekende letter in ou manuskripte om begin van nuwe afdeling of hoofstuk aan te dui”), via Ofr. *rubrique* uit Lat. *rubrica*, “rooi kleurstof”.

rug: mv. *rûe(ns)/rugge(ns)*, agterkant v. mens en bokant v. dier se romp; agterkant v. boek, rusbank of stoel; kruindeel v. berg of heuwel; Ndl. *rug/rugge*, v. Kloe HGA 155 (kaart), 156 (Mnl.

rug-/rig-/regghe, dial. *reg*, *rik*, *ruk*), Hd. *rücken*, Ëng. *ridge*; *rugh*, soos by vRieb (6.12.1652) i.v.m. Tafelberg gebr., verskil so min v. d. Afr. gebr. dat dit nouliks “anders” genoem kan word (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 21); herk. verderop lewer moeilikhede op (v. d. Vri J NEW).

rugbaar: bekend, openbaar; Ndl. *ruchtbaar*, afl. m. .suf. *-baar* v. veroud. Ndl. *rucht* (Mnl. *ruchte*, by Kil *rucht* naas *ghe-rucht*, “geroep, geskreuu”), vgl. Hd. *gerücht* — die wd. hou verb. m. Ndl. *roep* en *roepen* en m. Afr. *roep*, eers later m. ongunstige bet.

rugby: bep. vorm v. voetbalspel; hoewel *rugby* ook in Ndl. bek. is, het Afr. dit seker aan Eng. onthn., en in Eng. heet dit na die naam v. d. skool (Rugby) waar Webb Ellis in 1823 die voetbal opgeraap en daarmee gehardloop het.

ruig: digbegroei; harig; woes; Ndl. *ruig*, v. verder **rou** III.

ruik: deur reukorgaan gewaar word; ’n geur afgee; Ndl. *ruiken* naas *rieken* (Mnl. *rūken/rieken*, by Kil *ruicken*), Hd. *riechen*, Eng. *reek*, hoofs. Germ. en hou verb. m. *reuk* wat in Afr. as s.nw. m. *ruik* deureenloop.

ruikpeul: pln. (*Acacia benthami*, nou *Acacia nilotica*, fam. *Leguminosae*), ben. n.a.v. geur v. d. peulvrug; ook bek. as *lekkerruikpeul*, *stinkpeul* (Pal-Pit 161, Watt-BB 1228, 1348).

ruil: in besit gee/kry d. verwisseling v. goed i.p.v. met behulp v. geld; Ndl. *ruilen* (Mnl. *roelen/roylen*, by Kil *reulen/ruylen*), herk. en verw. baie onseker.

ruilgoed: goed gebr. om ander goed mee te verkry, by Wik (Scho TWK/NR 7, 1, p. 37 s.v. *gedaan*, en 7, 2, p. 21 s.v. *ruilgoed*), soms ook in obsene toep., een v. d. talle kompo. m. *-goed* in Afr.; *ruilgoed(eren)* nie as lemma in WNT nie, ook nie aldaar as kompo. teëgekome nie, wel *ruilmiddel*.

ruim: s.nw., b.nw., bw. en ww., “firmament/lug; pakplek in skip” (as s.nw.); “groot, oorvloedig, vol, volledig, wyd” (as b.nw. en bw.); “groter maak; leeg maak; wegpak; padgee” (as ww.); Ndl. *ruim* (Mnl. *ruum/rume*), Hd. *raum*, Eng. *room* (as b.nw. *roomy*), hierby Ndl. ww. *ruimen* (Mnl. *runen*), Hd. *räumen*, hou misk. verb. m. Lat. *rūs*, “land”.

ruin v. **reun**.

ruinasie, **ruïne**, **ruïneer** v. **rinnewasie**.

ruis: sagte geluid maak (bv. van boomblare i. d. wind); Ndl. *ruisen* (Mnl. *ruuscen*), Hd. *rauschen*, Eng. *rush*; Idg. verw. onseker en wsk. kn.

ruit I: meetkundige vorm; stuk vensterglas; blokkiesvormige patroon op materiaal; speelkaart m. so 'n patroon; Ndl. *ruit* (Mnl. *rūte*, “vensterruit; vierkant in 'n wapen”), Hd. *raute*, “vensterruit; voorwerp v. so 'n vorm”, herk. onseker.

ruit II v. wynruit.

ruit III v. beesruit.

ruiter: iemand te perd; Ndl. *ruiter* (Mnl. *rūter/rutter*, “vrybuiten”, by Kil *ruyter*, “soldaat” — seker wel “berede soldaat” en = *ruyter te peerde* — later net *ruiter*), Hd. *reuter*, hou blb. verb. m. Ll. *rupt(u)ārius/rutārius*, afl. v. *rupta*, “leërafdeling”; v. ook **ridder**.

ruifersalf: kwiksalf (vroeeër gew. gebr. v. kopskurfte en vir sg. biebies op kinderkop); hou wsk. verb. m. Ndl. *ruit*, “skurfte” (Mnl. *rūde*), Hd. *raude/rāude*, Fri. *rude/rūde*, “skurfte”; herk. onseker.

ruk: pluk, skok, vinnige beweging; kort tydjie (veral dim. *rukkie*); Ndl. *ruk* (by Kil *ruck*, “beweging, trek”), Hd. *ruck*; deverb. s.nw. by ww. Ndl. *rukken* (Mnl. *rucken*, “trek”), Hd. *rücken*; hou misk. verb. m. Eng. *rock*, “wieg”, maar Eng. *ruck* is blb. v. Sk and. herk.

rum: soort W.-Ind. brandewyn; Ndl. *rum* (vroeeër ook *rhum*), Eng. (sedert mid. 19e eeu) *rum*, herk. onseker, maar misk. redukv. v. *rumbullion* of *rumbustion* (albei sedert middel 17e eeu), mntl. ook verb. m. *rambunctious* (sedert mid. 19e eeu), maar ouer bet. v. onverk. vorme ook onbek.

rumanaggie: — (by Mar ondersk. 71 en 120) *rumanachie/rummanāchie* — , pln. (*Struthiola stricta*, nou *S. lineariloba*, fam. *Thymelaeaceae*), herk. onbek., maar daar die plant by Mar 120 ook *katstert* (*S. dodecaudra*) en *veertjie* heet, is dit redelik om te vra of die ben. verb. hou m. Mal. *roema*, “fyn haartjies op liggaam; donsies van voëls”; tweede lid bly onverkl.

rumba: Kubaanse negerdans; Am.-Eng. *r(h)umba*, Am.-Sp. *rumba* uit *rumbo*, “dronknes” — *rumbo* is ook 'n veroud. ben. v. “g(h)rok”, asook Osp. (soos Port. *rum(b)o*) vir “koers, rigting”, dus misk. begrip “koers hou”.

rumoer: geraas, lawaai, opskudding; Ndl. *rumoer* (Mnl. *ru(y)moer/remoer*), via Ofr. *rumour/remor* (Fr. *rumeur*) uit Lat. *rūmor*, “gerug; reputasie”, vgl. Eng. *rumour*.

run v. beesrin.

runderpes: aansteeklike siekte (veral onder beeste); Nnl. (sedert end 18e eeu) *runderpest*; 1e lid hou verb. m. Ndl. *rund* (Mnl. *runt/ront*), Hd. *rind*, ouer bet. blb. "dier met horings" — wat Ndl. betref, is *rund* d. oostelike en *rind* d. westelike vorm (v. dVri J NEW), maar dan is dit tog bevreemdend dat Hd. *rind* het, tensy dit aan 'n westelike Ndl. gebr. ontl. is.

rune: Ogerm. skrifteken; Ndl. (eers 19e eeu) *rune* uit Hd. *rune* uit On. *rūn*, "geheim", maar nog geen uitsluitel oor herk. en ouer bet. nie.

runnik; bep. geluid maak (gew. dié v. 'n perd); Ndl. *runniken/runneken/rinniken/ronniken* (ouer) *runnijcken* en *hinniken*, wsk. almal kn., vgl. Eng. *neigh*, wat ook as kn. beskou word; v. ook Kloe HGA 206.

rus: s.nw. en ww.; bewegingloosheid; pouse; vrede (as s.nw.); niks doen nie, stilte/vrede hê; leun op (as ww.); Ndl. *rust* (Mnl. *ruste*, dial. *riste*), Hd. *rast*, Eng. *rest*, hou wsk. verb. m. Gr. *erōê*, "rus", hierby die ww. Ndl. *rusten* (Mnl. *rusten/rasten/resten*), Hd. *rasten*, Eng. *rest*.

rusie: — (dial.) *roesie* — , lawaai; twis; Ndl. *ruzie/roezie*, jonger vorme uit Ndl. *ruize* (ouer *ruze/ruse/roes*), vgl. *suutjies/soetjies*; ouer bet. blb. "lawaii maak", vgl. *roes* I: v. ook Frank TB 203 No. 18.

rusper: inseklarwe; afl. m. *-(e)r* v. Ndl. *rups* (ouer *rupse*, soos in Mnl. naas *ruypse/rupsene/rupseme*, by Kil *rupse/ru(e)psene*), SNdl. dial. met metat. *rup(e)* en met ausl. *-l* (*ruspel/rupsel*) naas *rips(e)/risp(e)*; NNdl. dial. o.a. *rijp*; in oostelike dial. *roep* teenoor *riip* in westelike dial.; Hd. *raupe*, hoof. Germ., maar herk. onseker.

ry I: opeenvolging, reeks; Ndl. *rij* (Mnl. *rīe*, "lyn, ry"), Hd. *reihe*, Eng. *row*, (veroud.) *rew*, hou misk. verb. m. Oind. *rēkha*, "lyn, streep", en is blb. verw. aan **ryg** (q.v.).

ry II: op 'n dier of in 'n voertuig beweeg; Ndl. *rijden* (Mnl. *riden*), Hd. *reiten*, Eng. *ride*, hou verb. m. Lat. (*parave*)*redus* (v. *perd*) en m. **ridder** en **rit** (q.v.).

ry III v. ryg.

ryg: — *rye/ry* -- , in 'n reeks/string na mekaar voeg; Ndl. *rijgen* (Mnl. *rīen*), Hd. *reihen*, uit vorme v. d. verl. tyd v. Mnl. *rien* ontst. Mnl. *rīghen* en hieruit Nnl. *rijgen*, vgl. **ry I**.

ryk I: s.nw., gebied, staat; Ndl. *rijk* (Mnl. *rīke*), Hd. *reich*, Eng. *ric* in ss. soos *bishopric*; misk. v. Kel. herk.?. v. ook **ryk II**.

ryk II: b.n.w. en bw., aansienlik; kosbaar; vermoënd, welgesteld; Ndl. *rijk* (Mnl. *rīke*, “kosbaar; magtig; ryk”); Hd. *reich*, Eng. *rich*, wsk. via Kel. verw. aan Lat. *rex*, “hoof, leier, regeerder; koning” en verb. m. **ryk I**.

rym I: s.n.w. en ww., klankooreenkoms in laaste bekl. letg. v. vers=reël; sulke versreëls maak; klop/ooreenstem met; Ndl. *rijm* (Mnl. *rīme/rijm*), Hd. *reim*, Eng. *rhyme*, wsk. sem. beïnv. d. Fr. *rime* uit Lat. *rhythmus*, “ritme; harmonie”, en verb. m. Gr. *arithmos*, “getal, ry”; hierby ww. Ndl. *rijmen*, Hd. *reimen*, Eng. *rhyme* en Afr. *rym*.

+ **rym II:** (dial. v.) *ryp*; Ndl. *rijm* (Mnl. *rijm*), Eng. *rime*, verw. buite Germ. onseker.

ryp I: s.n.w. en ww., verysde dou; verys; Ndl. *rijp* (Mnl. *rīpe/rijp*, by Kil *rijpe*), Hd. *reif*; hierby ww. Ndl. *rijpen* (Mnl. *rīpen*), Hd. *reifen*, Afr. *ryp*, blb. verw. aan **rym II** maar geen bek. seker verw. buite Germ. nie.

ryp II: b.n.w., bw., rou eetbaar (bv. groente, vrugte); ervare, vol=wasse (bv. mens); oorwoë (bv. mening, oordeel); Ndl. *rijp* (Mnl. *rīpe*), Hd. *reif*, Eng. *ripe* (blb. ook verw. aan Eng. *reap*), herk. hoërop onseker en ouer bet. ong. “geskik om te oes of te pluk”.

rys I: vrug- en pln. (*Oryza sativa*, fam. *Gramineae*); Ndl. m. parag. *t rijst* (Lmnl. *rijs*, by vRieb ’n enkele maal *reys*, etlike male *rijst* maar gew. *rijs*, soos nog in SNdl.), Hd. *reis*, Eng. *rice*, Ofr. *ris* (Fr. *riz*), It. *riso*, uit Ll. *risus/risum* wat verb. hou m. Lat. *oriza* uit Gr. *oriza* en verderop m. Pers. *wrizey*, Afg. *wrizē* en Skt. *wrihi* (nog bewaar in tweede lid v. **bahuvrihi**, (lett.) “ryk aan rys”).

rys II: opkom, styg; gis (bv. deeg); Ndl. *rijzen* (Mnl. *rīsen*), Eng. *rise* (verb. m. Eng. *raise* en *rear*), hou mntl. verb. m. Gr. *orinein*, “beweeg, roer, skud”.

rysbrandewyn v. arak.

+ **rysbrensie:** (dial. v.) *borrie-*, *geel-* of *kerrierys*, reeds so by Mans KHI 133, 2e lid d. Pet A 402 afg. v. Mal. *brangsang* (wsk. bedoel Mal. (*be*)*rangsang*, “prikkelend”), het d. voordeel dat dit sem. bevredig en dat d. byv. bep. (soos gew. in Mal.) agteraan kom, maar fonet. bevredig dit nie; Val (v. aanh. by Frank TB 133) gee egter d. vorm *brensie* aan en verduidelik hoe dié gereg gemaak word, maar verkl. nie die herk. v. d. wd. nie, wat Frank afl. v. Port. *bringe* uit Pers. *brinj/birinj*, “rys”, dus *rysbrensie* = *rys-rys*, wat dan (uit Ndl. oogpunt) ’n redupv. of liever ’n tout. vorm sou wees, maar dan gaan gew. die minder bek. lid vooraf en sou ’n mens *brensierys* verwag.

ryskluitjie: stukkie rysdeeg in melk gekook; blb. nie onder dié ben. in Ndl. bek. nie, v. **kluitjie I**.

rysmier: eint. nie 'n "mier" nie maar 'n "termiet" (*spp. Termes*, fam. *Termitidae*); die ben. *rys* vind sy verkl. i. d. feit dat d. Hottentotte en Boesmans miere/termiete geëet het en dat d. Blankes toe v. *hottentotsrys* (by Wik) en v. *boesmansrys* (blb. na 1800) gepraat het, gevolglik ook v. *rysmier(e)* — *rysmier* word nou ook as ww. gebr. in bet. "ondergrawe, ondermyn, saboteer", omdat termiete dit gew. in huise, skure, ens., doen; v. **termiet**.

+ **rystebry:** (dial. v.) *melkkos*, ook bek. as *melksop*; Ndl. *rijste(n)brij* (ouer ook *rijzenbrij*, nog in SNdl. *rijzenbrij*, by vRieb *reystenbrij*).

rywiël: het *baiesukkel* (volkset. v. Eng. *bicycle*) en daarna *ysterperd* verdring, om nou self deur *fiets* bedreig te word.

S

sa: uitr. t. aanhitsing (veral v. honde, vroeër ook v. mense), vb. uit Kaapse Stukke by Frank TB 113-4 en uit Thun en IVa by Scho TWK/NR 7, 2, p. 21; Ndl. (sedert) end 16e eeu) *sa/tsa/t'za* uit Fr. *ça* — is Xh. *tsa* aan Afr. ontl.?

saad: — *saat* — , mv. ondersk. *sade*, *sate*, "plantontkiemingstof; nageslag; lewensbron v. mens, dier en plant"; Ndl. *zaad* (Mnl. *saet*, by Kil *saed*), Hd. *saat*, Eng. *seed*, hou verb. m. **saai** III en m. Lat. *sēmen*, "saad".

saag: getande snywerktuig; Ndl. *zaag* (Mnl. *sāghe*), Hd. *säge*, Eng. *saw*, hou verb. m. Lat. *secāre*, "sny", hierby ww. Ndl. *zagen* (Mnl. *sāghen*), Hd. *sāgen*, Eng. *saw*, Afr. *saag/sae*.

saai I: s.nw., bep. wolstof; Ndl. *saai* (Mnl. *sai*) uit Fr. *saye* (dim. *sayette*, wu. Ndl. *sayet(te)/sajet*), wat blb. verb. hou met Fr. *saie* uit Lat. *sagum*, "mantel", ong. "mantelstof".

saai II: b.nw., eentonig, vervelend; fig. toep. v. **saai I**, wsk. in byv. vorm, Ndl. *saai(en)*.

saai III: ww., saad i. d. grond strooi; Ndl. *zaaien* (Mnl. *sa(e)yen*), Hd. *sāen*, Eng. *sow*, hou verb. m. Lat. *serere*, "saai"; v. **saad**.

saak: aangeleentheid, gebeurtenis; regsak; handelonderneming; Ndl. *zaak* (Mnl. *sāke*), Hd. *sache*, Eng. *sake*; hoof. Germ.

saal I: mv. *sale*, groot vertrek, hal; Ndl. *zaal* (Mnl. *sael/sale/sele*), Hd. *saal*, Oeng. *saell/salor/sele* (uit Germ. vorme It. *sala* en Fr. *salle*, wu. weer Ndl./Afr. *salon*, Eng. *saloon*), hoof. Germ.